

HOOFSTUK 3: DIE JEHOVAH-GETUIES GEMEET AAN DIE EIENSKAPPE VAN 'N KULTE

3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om na te gaan of die Jehovah-getuias as 'n kulte getipeer kan word. Dit word gedoen deur die groep te meet aan die twaalf eienskappe van 'n kulte wat in hoofstuk 2 uiteengesit is.

3.2 BEHEER OOR DENKE

3.2.1 INLEIDEND

In hierdie onderafdeling word (aan die hand van dit wat in 2.2 staan) ingegaan op die vraag of Jehovah-getuias logies en sistematies kan redeneer as negatiewe dinge aangaande hulle organisasie aan hulle uitgewys word, of hulle selfstandig en krities die leerstellings en werkwyses van hulle organisasie mag beoordeel, en of hulle dinge wat verkeerd lyk of moontlik in stryd is met die Woord van God mag bevraagteken.

3.2.2 KEER NEGATIEWE GEDAGTES

Die Wagtoring van 15/01/1983 (p. 22) waarsku Jehovah-getuias onder die opskrif *Avoid Independent Thinking* dat selfstandige denke van die duivel is. Lede moet teen "Satan en sy demone" veg deur nie toe te laat dat hulle self enigiets bevraagteken van wat "God se sigbare organisasie" (die Wagtoring-organisasie) hulle leer nie.

In dieselfde uitgawe (p. 27) word Jehovah-getuias opgeroep om te "veg teen selfstandige denke". As motivering word gegee dat eie idees en denke 'n bewys van 'n sondige trots binne lede, en daarom in stryd met die Bybel is. Veral as hulle gewys word op foute wat hulle organisasie in die verlede gemaak het, moet dit hulle nie op die gedagte bring dat die organisasie dalk vandag nog foute kan maak nie. Lede moet hierdie duiwelse begeerte om vir hulleself te dink kragtig beveg.

Dat die Jehovah-getuias van breinspoeling en denkebeheringstegnieke gebruik maak om hulle lede te beheer, is vir Watters (self 'n oudlid van die organisasie) baie duidelik. In sy boek *Refuting Jehovah's Witnesses* (Watters, 1987a:31-39) is die titel van een van sy hoofstukke *Brainwashing, thought control and the cults*. Hierin wys hy op wesenlike ooreenkomste tussen beheermaatreëls wat die Wagtoring-organisasie toepas en voorbeelde van breinspoeling soos weergegee deur George Orwell in sy bekende boek

1984. Orwell (1966) beskryf hoe 'n sterk wêreldmag veranderinge maak aan wat waar is en aan die geskiedskrywing, sodat dit kan lyk of hulle altyd "reg" is. Na hierdie mag word as "Groot Broer" en "die Organisasie" verwys. Dit vergelyk volgens Watters goed met die Jehovah-getuies se bestuursliggaam wat die lewens van hulle lede beheers, wat self bekend staan as die "Moeder" van die Jehovah-getuies en waarna algemeen deur Jehovah-getuies verwys word as "die Organisasie".¹

Watters (1987a:35) pas ook die term "crimestop" wat Orwell (1966:217-218) gebruik op die Wagtoring-organisasie toe. Dit is 'n aangeleerde gebruik om te weier om aan enige gevaarlike gedagtes (bv. dat die organisasie nie is wat dit voorgee om te wees nie) te dink. Selfs die eenvoudigste argument waarin byvoorbeeld die eerlikheid van die organisasie bevraagteken word, kan dan net nie verstaan word nie. Hierdie soort denkblokkasie het die skrywer in die vyf jaar van 1989 tot 1993 waarin hy heelwat gesprekke met Jehovah-getuies gevoer het, herhaaldelik by hulle raakgeloop. Solank as wat daar oor 'n sekere leerstelling geredeneer word, kan Jehovah-getuies rasioneel saampraat en argument met argument probeer beantwoord. Wanneer 'n argument of selfs dokumente van die Wagtoring-organisasie self die organisasie in gedrang bring, loop 'n mens jou meestal teen 'n muur vas. Dit is asof die persoon dit maar net nie logies kan bespreek nie.² Watters (1987a:35) beskryf dit as 'n onbewuste weiering om logiese argumente wat iets omtrent die organisasie bevraagteken, deur te voer.³

'n Goeie voorbeeld van hoe effektief die Jehovah-getuies se denke beheer word om nie aan hulle organisasie te twyfel nie, is 'n insident rondom 'n oudlid wat omtrent al 20 jaar uit die organisasie is. Hy het in 1991 op 'n byeenkoms van oudlede van kultes en ander belangstellendes in die suide van Johannesburg, briesend kwaad geword het toe een van die ander aanwesiges die Wagtoring-organisasie se valsheid met konkrete voorbeelde uitgewys het.⁴

Dit is dus duidelik dat Jehovah-getuies alle selfstandige denke en kritiese oorweging van sake wat hulle eie organisasie raak moet vermy, omdat dit sogenaamd negatief en sondig sou wees. Die gevolg hiervan is dat lede van die groep in kompartemente begin dink.

3.2.3 *KOMPARTEMENTELE DENKE*

Terwyl Jehovah-getuies graag ander organisasies krities evalueer, is dit asof hulle nie dieselfde kriteria op hulle eie organisasie kan toepas nie. Dit kan met die term "kompartementele denke" beskryf word.

In hulle publikasie *The Truth that Leads to Eternal Life* (WTBTS, 1968:13) sê die Jehovah-getuies dat dit belangrik is vir elke mens om ondersoek in te stel of sy godsdiens die ware godsdiens is, sodat 'n mens nie tevergeefs daarmee besig is nie.

Dat hierdie woorde eintlik net vir alle ander godsdienstige groepe geld en nie vir hulleself nie, is duidelik uit die herhaalde waarskuwings in geskrifte van die organisasie teen eie denke en teen enige poging om "God se organisasie" te bevraagteken (wat vir hulle neerkom op die bevraagtekening van God). *Die Wagtoring* van 01/02/1952 (pp. 79-80) waarsku Jehovah-getuies in 'n uitvoerige bespreking teen die kritiese beoordeling van wat in hulle geskrifte staan. Hulle word selfs gedreig dat dieselfde met hulle sal gebeur as met Korag, Agan, Saul en Ussa as hulle nie gedweë en onkrities inval by God se teokratiese organisasie en sy leringe en opdragte nie. Hulle word dan daarop gewys dat geen eie opinies of denke van 'n dienskneg geduld kan word nie, want hoe kan hulle hulle dit ooit aanmatig dat hulle meer as Jehovah en Sy organisasie weet. As iets vir iemand nie reg lyk nie, moet hy maar gedweë daarmee saamgaan en rustig wag vir verdere opheldering van die saak: "Theocratic ones will appreciate the Lord's visible organization and not be so foolish as to pit against Jehovah's channel their own human reasoning and sentiment and personal feelings."

'n Jehovah-getuie moet dus konformeer met die groep, niesteenstaande duidelike foute of teenstrydighede. Selfs wanneer dit later duidelik word dat die organisasie 'n fout gemaak het of 'n onwaarheid verkondig het, was dit steeds vir die lede beter om deel van die fout of die leuen te wees, as om die waarheid ten opsigte daarvan self te ontdek of met die verkeerde weergawe te verskil. 'n Amptelike woordvoerder van die Wagtoring-organisasie het in 'n hofsak in Skotland in 1954 beklemtoon dat dit belangriker is om eenders te dink as om die waarheid te hê (Skotland, 1958<1954>:347-348).⁵ Op die vraag of die leerstelling dat Christus se wederkoms in 1874 plaasgevind het deur hulle lede geglo moes word al was dit vals,⁶ antwoord Covington: "Yes, because you must understand we must have unity." Op die vraag of dit eenheid ten alle koste is, antwoord hy bevestigend: "Unity at all costs." Hy antwoord daarna ook positief op die vraag "And unity based upon an enforced acceptance of false prophecy?" deur te sê "That is conceded to be true". As iemand nie die leuens van die organisasie wou aanvaar nie, sou hy uitgeskop word en dus volgens die leerstellings van die organisasie vir ewig verlore gaan: "And the person who expressed his view, as you say, that is wrong, and was disfellowshipped . . . would be worthy of death?" En Covington se antwoord: "I will answer yes, unhesitatingly."

Hierdie getuienis van Covington is heeltemal in lyn met dit wat in die amptelike geskrifte van die Wagtoring-organisasie hieroor geskryf word. So word in hulle boek

Qualified to Be Ministers (WTBTS, 1967:156) gesê dat iemand wat lief is vir God en Sy organisasie nooit agterdochtig sal wees oor enigiets wat die organisasie sê nie, want as die Bybel sê "glo alle dinge", dan beteken dit jy moet "al die dinge wat *Die Wagtoring* voortbring" glo.

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat om *Die Wagtoring* te glo van die aller grootste belang is, selfs belangriker as die waarheid. Dit is hierdie soort redenasies wat kompartementele denke by Jehovah-getuies veroorsaak, sodat kriteria wat op die een saak toegepas word nie op 'n ander toegepas kan word nie.

1 Korintiërs 1:10 word graag deur Jehovah-getuies gebruik om te beklemtoon waarom absolute eenheid van denke vir hulle so geweldig belangrik is: "Maar ek vermaan julle . . . om almal eenstemmig te wees, en dat daar geen skeuring onder julle moet wees nie, maar dat julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening." Die eenheid van denke, selfs ten koste van die waarheid, word vir die getuies voorgehou as die bewys dat hulle die enigste ware Christene is, en as motivering waarom hulle onkrities moet dink soos wat die organisasie dink (Reed, 1990b:92-93).

Reed (1990b:92-93) verklaar dat die Jehovah-getuies deur hulle beroep op 1 Korintiërs 1:10 die Bybel wil gebruik om totale beheer oor die denke van hulle lede te verkry. So word die geslote denkeenheid gevorm wat buitestaanders telkens verbaas laat staan. In plaas daarvan dat lede onder hierdie slawerny kreun, wys Reed daarop dat die manipulasie so suksesvol gedoen word dat hulle eerder spog oor hulle algehele, onkritiese, gehoorsame eenheid.

Om hierdie eenheid van denke te behou, word Jehovah-getuies verbied om met ander idees in aanraking te kom deur ander godsdienstige literatuur te lees (*Wagtoring* 01/05/1984:31); om te luister na kritiek teen Jehovah se organisasie (*Wagtoring* 15/05/1984:17); en om self kritiek te lewer oor hoe die (deur die organisasie aangestelde) ouere manne⁷ sake hanteer (*Wagtoring* 15/01/1984:16). So word nie net gesorg dat die lede denkslawe van die organisasie bly nie, maar word hulle kritiese vermoëns beperk tot kompartemente buite die organisasie waaraan hulle behoort.

3.2.4 'N NUWE VERWYSINGSRAAMWERK

3.2.4.1 Eenvormige denke

Hoe moet lede hulle kritiese denke ten opsigte van die organisasie waaraan hulle behoort onderdruk? *Die Wagtoring* van 15/01/1983 (p. 27) gee aan lede die raad dat

wanneer hulle begin dink dat iets dalk nie reg is wat die organisasie betref nie, hulle hierdie selfstandige denke moet onderdruk deur vir hulleself te sê dat hulle nooit die "Bybelse waarhede" sou geken het sonder die "leiding van die organisasie" nie. Hulle moet dan besef dat hulle nie sonder die aanwysings van God se organisasie kan klaarkom nie, en hulle eie denke verander om in te pas by wat die organisasie sê. So moet die lede aktief meewerk om hulle eie verwysingsraamwerk te vervang met die een wat die organisasie verskaf.

Hierdie maatreëls lei daartoe dat beheerde, eenvormige denke, genoem "Organization Mindedness", onder Jehovah-getuies bestaan. Schnell (1957:99) vertel dat sake in die organisasie doelbewus verander is om dit te bewerkstellig. Die vroeër jare se lesse uit die Bybel op Sondae is vervang met die droë *Wagtoring*-studies wat 'n mens vandag in die koninkryksale aantref, met hulle voor die hand liggende vrae en pasklaar antwoorde. Die skrywer het self tydens 'n Sondagoggendbyeenkoms in 1992 in die koninkryksaal te Potchefstroom ondervind dat oor elke paragraaf in *Die Wagtoring* 'n vraag gevra word, waarvan die antwoord net so in die teks staan. Van die lede word verwag om daardie deel van die paragraaf te herhaal. Geen eie denke nie, maar 'n klakkelose herhaling van dieselfde stof. Schnell (1957:99) wys verder daarop dat die tuis-Bybelstudies van vroeër vervang is met die bestudering van die organisasie se boeke. Hierdie hele proses sien hy dan tereg as 'n manier van indoktrinasie en breinspoeling.

3.2.4.2 Gemeenskapsensuur

Watters (1987a:34-36) verduidelik dat dit gevaarlik is vir 'n Jehovah-getuie om iets ten opsigte van die organisasie te bevraagteken vanweë die sterk gemeenskapsensuur wat bestaan. Wanneer 'n lid sy twyfel te kenne gee, het dit die gevolg dat ander getuies hom met agterdog begin bejeën, hom daaroor berispe en selfs verkleinerend van hom praat. So leer 'n Jehovah-getuie gou om sy denke binne die grens van die "huidige lig" wat "ontvang" is te hou, en nie deur eie denke "voor die organisasie uit" te wil beweeg nie. Die enigste "veilige" manier van doen vir 'n Jehovah-getuie is om toe te laat dat die bestuursliggaam sy denke ten opsigte van alle belangrike sake beheers.⁸

3.2.4.3 Vroeër meer vryheid van denke

Dat daar vroeër in die geskiedenis van die Wagtoring-organisasie meer vryheid van denke toegelaat is, is duidelik as 'n mens ou *Wagtorings* deurblaai. Daar is selfs gewaarsku teen godsdienstige organisasies wat hulle lede dieselfde oor alles wil laat dink. Volgens die *Zion's Watch Tower* van 01/09/1893 (pp. 262-264) het die beskouing dat alle gelowiges dieselfde moet dink oor alle sake, aanleiding gegee tot die groot

afvalligheid en die ontwikkeling van die Pouslike sisteem, waaronder die eenvoudige evangelie verberg is: "So het die eenheid van die vroeëre kerk, gebaseer op die eenvoudige evangelie en saamgebind deur die band van liefde, plek gemaak vir die verslawende bande van die kerk van Rome."

Dit waarteen hier gewaarsku word, het egter met die Wagtoring-organisasie self gebeur. Waar daar eers vryheid bestaan het om oor sake wat nie die basiese leerstellings raak nie te verskil, is dit vervang met 'n dwingelandy met meer as 1177 reëls en regulasies (vgl. 3.7.3).

In sy boek *The New Creation* (WTBTS, 1904b:240-241) gaan Russell, die stigter en eerste president van die Wagtoring-organisasie, selfs so ver om te verklaar dat die kerk van Christus sy lede meer vryheid en onafhanklikheid moet gee, los van menslike bande en geloofsbelofdes. Anders as wat vandag deur die Wagtoring-organisasie geleer word, sê Russell dat God elke Christen vrygemaak het, slegs gebonde aan Hom en Sy Woord. Gelowiges word nie saamgebind deur menslike sisteme of organisasies nie, maar voel aangetrokke tot mekaar deur die band van liefde. Ten opsigte van die basiese evangelie moet daar geloofseenheid wees, maar elke lid moet, volgens Russell, die vryheid hê om 'n eie siening oor minder kardinale punte te handhaaf. Hy moedig lede in die boek selfs aan om te verskil en krities te kyk na wat deur die organisasie geleer word (WTBTS, 1904b:263).

Hierdie vroeë benadering het egter so verander dat Schnell (1957:74) daarop wys dat as lede dit vandag waag om 'n gewetensbeswaar in te bring teen enigiets wat die organisasie in Brooklyn (VSA) vereis of leer, so 'n persoon onmiddellik as "slegte dienskneg" geëtiketteer en veroordeel word. Lede het nie 'n keuse nie. Hulle moet met die organisasie se verwysingsraamwerk werk en sake daarvolgens beoordeel.

3.2.4.4 Wetenskaplike navorsing word verbied

As Jehovah-getuies wetenskaplike navorsing oor hulle organisasie sou doen sonder 'n amptelike opdrag en behoorlike toesig, word dit as 'n bedreiging vir die verwysingsraamwerk waarbinne lede moet dink en werk gesien en deur die bestuursliggaam veroordeel (Penton, 1988:105-108). Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Daar is dinge van hulle eie geskiedenis wat die lede liewers nie moet weet nie, soos hulle talle valse profesieë en die herskrywing daarvan (vgl. 5.4), heen-en-weerwysigings aan leerstellings en eienaardige dinge wat geleer is (vgl. 5.5). Hierdie kennis kan die lid tot die besef bring dat die organisasie nie die onveranderlike, alwetende God se spreekhuis of organisasie kan wees nie. Dit wil die leiers ten alle koste verhoed.

Penton (1988:105-108) noem en bespreek 'n aantal voorbeelde van Jehovah-getuies wat in die moeilikheid beland het by hulle leiers oor hulle diepteondersoeke van die organisasie. Selfs al was van die publikasies baie positief ten opsigte van die organisasie, was dit steeds onverskoonbaar dat 'n lid selfdenkend na die organisasie wou kyk. Slegs die skrywersdepartement by die hoofkwartier mag dink en skryf oor die organisasie - en dan altyd met 'n baie idealistiese uitbeelding daarvan. Ander Jehovah-getuies wat daaroor skryf, is nie ingelig oor die voorskrifte wat gevolg moet word nie. Daar word gepoog om hulle te keer om voort te gaan deur beskuldigings dat hulle hulleself deur 'n evaluerende skrywe ten opsigte van die organisasie bo die organisasie wil verhef. Ernstige berisping en selfs skorsing volg. Penton noem die name van lede en oudlede soos Victor Blackwell, Ditlieb Felderer, Chris Christenson, Randy Wysong en Carl Olaf Jonsson met wie dit gebeur het.

Die Wagtoring van 01/06/1967 (p. 338) raai Jehovah-getuies ten sterkste af om enige navorsing te doen. Hulle motivering daarvoor is dat navorsing net kosbare tyd en energie opgebruik wat bestee kon word aan die bestudering van die organisasie se geskrifte. Buitendien is daar mense wat deur die organisasie aangestel is om al die nodige navorsing te doen en die resultaat daarvan in die *Wagtoring*-publikasies deur te gee. So word die Jehovah-getuies weggehou van wat die organisasie hulle nie wil laat sien nie.

3.2.5 BEREDENERING EN GEVOLGTREKKING

Op die vraag waarom miljoene mense (waarvan die meeste oorspronklik uit die tradisionele Christendom kom) so absoluut onder die heerskappy van 'n groep soos die Jehovah-getuies kan leef, antwoord Martin (1992:112) dat die belangrikste rede hiervoor is dat Jehovah-getuies nie toegelaat word om vir hulleself te dink nie. Die Jehovah-getuie leef, volgens Penton (1988:156), in 'n intellektueel en psigologies geïsoleerde gemeenskap. Daarom sê Watters (1987a:iii) dat om die evangelie na 'n Jehovah-getuie te bring, 'n mens hom weer sal moet leer om self te dink.

Dit is moeilik verstaanbaar dat intelligente mense toelaat dat 'n aantal manne in Brooklyn hulle verstande so beheer dat hulle bereid is om nie meer krities en selfstandig te dink nie. Penton (1988:108), wat self vroeër 'n Jehovah-getuie was en ondertussen 'n uitvoerige studie van hierdie organisasie gemaak en gepubliseer het, is van mening dat dit moeilik is om van 'n aktiewe, intelligente, skerp persoon 'n Jehovah-getuie te maak. Die kans is dan ook baie goed dat so 'n persoon wat wel gewerf word, een of ander tyd die organisasie sal verlaat, omdat dit te erg vir hom word dat sy denke so beheer word.

Nieteenstaande die duisende mense wat jaarliks die organisasie verlaat (vgl. 3.7.3; *Wagtoring*, 01/01/1986:13; WTBTs, 1979a:11), groei die Jehovah-getuies steeds in getalle, omdat daar miljoene mense is wat hulle denke aan die beheer van die organisasie oorgegee het en slaafs nog slawe vir die organisasie soek.

Die organisasie se beroep op 1 Korintiërs 1:10 vir hulle absolute beheer oor die denke van hulle lede, doen die teks geweld aan. Paulus sê met hierdie vers dat die Korintiërs hulle verdeeldheid en twis moet laat staan. Hy bedoel beslis nie dat hulle hulle in totale onkritiese gehoorsaamheid moet onderwerp aan een of ander menslike leier nie. Daar word nie van die Korintiërs verwag om robotte sonder eie denke te word en eerder met leuens saam te leef as om die eenheid te versteur nie. Dit gaan om eensgesindheid gebou op die waarheid van Gods Woord, maar wat genoeg ruimte laat vir individualiteit (Groenewald, 1967:24-26). In die vroeë kerk was daar wel duidelik plek vir individuele denke, soos Paulus self in Romeine 14:1-6 skryf ten opsigte van verskille oor wat geoorloof is om te eet en of 'n mens sekere dae hoër moet ag as ander.⁹

Die Jehovah-getuies vertoon sonder enige twyfel die eienskap van kultes om hulle lede se denke te beheer. God se Woord waarsku in 1 Johannes 4:1 onder andere teen so 'n benadering: "GELIEFDES, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is."

Die Jehovah-getuies (en ander kultes) se aanspraak dat ware eenheid in die Christendom daarin lê dat almal hulle volg, bring nie groter eenheid van denke voort nie. Die teendeel is waar, naamlik dat die stigting van die duisende kultes en splintergroepe wat glo dat net hulle die waarheid het, waarvan die Jehovah-getuies maar een is, die verdeeldheid net vergroot. 'n Mens bereik buitendien nie ware Christelike eenheid deur die groepie mense wat met jou idees en interpretasies saamstem om jou te vergader, en die res van die wêreld te skors nie.¹⁰

3.3 BEHEER OOR GEDRAG

3.3.1 INLEIDEND

As 'n mens iemand se denke beheer, is dit logies dat jy ook 'n groot invloed op sy gedrag uitoefen. 'n Mens doen tog wat volgens jou denke reg is. In hoofstuk 2 (vgl. 2.3) is gesien dat dit 'n eienskap van kultes is dat hulle die gedrag van hulle lede so beïnvloed dat dit neerkom op die beheer daarvan. In hierdie onderafdeling word gekyk of hierdie gedragsbeheer ook van die Jehovah-getuies waar is.

3.3.2 LEIERS SE INVLOED

Seker die mees opvallende kenmerk van die Jehovah-getuies, is hulle verkoop van *Die Wagtoring, Ontwaak!* en ander literatuur in die sakebuurte van dorpe en stede, asook hulle werk van deur tot deur. Hoe slaag 'n organisasie daarin dat sy lede, selfs ou mense en klein kindertjies, met soveel volharding sy publikasies op straat probeer verkoop?

Die leiers van die Wagtoring-organisasie beheer die drag en gedrag van die lede. Die feit dat die lede eners lyk en optree, dien dan as bewys daarvan dat hulle waarlik God se organisasie is. So haal *Die Wagtoring* van 15/10/1974 (p. 635) met trots die *Hollywood Sun-Tattler* aan wat skryf oor 'n groot byeenkoms van Jehovah-getuies in Florida, waar dit die joernalis opgeval het dat al die Jehovah-getuies eenvoudig aangetrek en vriendelik was. Hierdie enersheid word dan sterk aangemoedig deur *Die Wagtoring* wat dit as 'n bewys voorhou dat Jehovah-getuies die kern gaan vorm van die nuwe wêreld wat God gaan daarstel.

Schnell (1957:67-68) sê dat in die tyd toe hy by die hoofkwartier van die Jehovah-getuies in Duitsland gewerk het, die hoof daar (bekend as direkteur) die slaafse gehoorsaamheid wat die leiers van die organisasie van hulle lede verwag, beskryf het met die term "kadaver gehorsam". Dit is 'n Duitse militêre term wat beteken mense moet soos zombies denkloos beweeg soos wat die leiers van hulle verwag. So effektief is die leiers van die Wagtoring-organisasie in hulle gedragsmanipulering dat Schnell (1957:205) aan die einde van sy boek die Jehovah-getuies soos volg beskryf: "Hulle is nes zombies, half dood en half lewend. Hulle voete loop meganies waar hulle moet gaan en hulle monde praat outomaties in Wagtoringspreuke: 'Ek verteenwoordig die Wagtoring. Ek kom om die boodskap van die Koninkryk te verkondig. Ek het 'n boek om jou te wys. Jy kan dit kry in ruil vir 'n donasie van vyftig sent om ons drukonkoste te delg.'"

Die leiers van die Wagtoring-organisasie verkry hierdie beheer oor hulle lede deur voor te gee dat hulle namens God optree en Sy hedendaagse kommunikasiekanaal met die mensdom op aarde is (vgl. 3.9).

3.3.3 ONDERDRUKKING VAN PERSOONLIKHEID

In hoofstuk 2 (vgl. 2.2.3) is daarop gewys dat kultes hulle lede dwing om persone te word wat hulle nie is nie. Verskille in persoonlikheid, temperament, belangstelling en talente word ondergeskik gestel aan deelname aan dit wat die groep as belangrik beskou. Daar is byvoorbeeld daarop gewys dat 'n introvert in sekere kultes 'n aggressiewe werwer van nuwe lede moet word. So verkry die persoon 'n dubbele persoonlikheid - die persoonlikheidstipe wat hy eintlik is en die persoonlikheidstipe wat die kulte waaraan hy

behoort van hom verwag om te wees. Sulke dubbele persoonlikhede is ook 'n tipiese verskynsel by Jehovah-getuies, want daar word van elke lid verwag om 'n goeie verkoper van die organisasie se leer te wees.

Die leiers van die Wagtoring-organisasie kry dit reg om hulle lede 'n ander persoonlikheid te laat aanneem deur hulle te laat glo dat om nuwe lede te werf die bewys is dat iemand werklik 'n getroue volgeling van God is. *Die Wagtoring* van 01/03/1983 (p. 25) wys daarop dat God aan gelowiges opdrag gegee het om die evangelie te verkondig. Hulle gee dan egter hulle eie toepassing daarvan as sou dit beteken dat God sê dat ware gelowiges voortdurend van huis tot huis sal loop. Die artikel gaan verder en sê dat dit wat verkondig moet word nie maar net die Bybel moet wees nie, maar spesifiek die leerstellings van die organisasie. 'n Skets van 'n ma en 'n klein dogtertjie met tas en boek in die hande voor 'n vrou se deur verskyn ook op die bladsy, met die onderskrif "Never weaken in your resolve to bear witness to the truth".

Penton (1988:114-116) sê dat die Wagtoring-organisasie voor 1972 graag Handeling 20:20 gebruik het om te bewys dat God se opdrag aan elke gelowige om 'n getuie van Hom te wees, beteken dat van huis tot huis geloop moet word om mense te probeer oortuig. In die vers sê Paulus dat hy die gelowiges van Efese "onderrig (het) in die openbaar en in (h)ulle huise". In hulle boek *Organization for Kingdom-Preaching and Disciple-Making* (WTBTS, 1972b:56) wys die Wagtoring-organisasie egter tereg daarop dat hierdie vers, net soos Handeling 5:42, daarop dui dat Paulus sowel van die tempel en ander openbare plekke as van gelowiges se huise gebruik gemaak het om die gelowiges te onderrig. Dit gaan dus nie hier om deur-tot-deur-verkondiging van die evangelie aan die heidene nie.

Vir sewe jaar het hierdie vers verdwyn uit Wagtoring-publikasies, totdat dit in *Die Wagtoring* van 15/07/1979 (p. 12) weer gebruik is as bewys dat Jehovah-getuies van deur tot deur moet loop om mense te probeer oortuig. Lede wat nie hiermee wou saamstem nie, is in die openbaar deur distrikopsieners van die organisasie gewaarsku dat 'n weiering om dit te aanvaar niks anders as "geestelike egbreuk" is nie.¹¹

Ter wille van hierdie sogenaamde godgegewe opdrag om die leerstellings van die organisasie van huis tot huis te verkondig, skryf die organisasie voor watter soort persoon 'n Jehovah-getuie moet wees. Selfs die persoonlike lewe en gedrag van hulle lede word beheer. Daar is reeds in 1938 'n beroep op Jehovah-getuies gedoen om eerder hulle tyd aan verkondigingswerk te wy as om te trou en kinders te kry. So beweer hulle boek *Face the Facts* (WTBTS, 1938:46-50) dat dit Skriftuurlik verkeerd sal wees vir Jehovah-getuies om voor Armageddon te trou of kinders te kry. *Die Wagtoring* van 01/11/1938 (p. 324) sluit hierby aan en waarsku dat bitter dae wag vir diegene wat toe

kinders sou kry, aangesien Armageddon net om die draai sou wees. Dit was lank 'n reël dat lede wat so bevoorreg was om by die hoofkwartier van die Jehovah-getuies in Brooklyn te bly, net daar mag bly as hulle nie trou nie. Hierdie reël is deur die destydse president van die organisasie, N.H. Knorr, streng toegepas, totdat hy dit self in 1953 oortree het deur sy huwelik met Audrey Mock wat ook daar 'n inwoner was (Cetnar & Cetnar, 1983:62).

Die Wagtoring-organisasie het ook in latere jare ingemeng by hulle lede se besluite om te trou en kinders te kry. Die *Ontwaak!* van 08/11/1974 (p. 11) waarsku dat die einde van die wêreldsisstème toe so naby was, dat dit wys sou wees vir Jehovah-getuie-paartjies om nie kinders te kry nie, maar om aan Jesus gehoorsaam te wees en uit te gaan en die evangelie te verkondig.¹² In die dokumentêre film *Witnesses of Jehovah* (Jeremiah Films:198-) getuig 'n vrou dan ook dat sy en haar man besluit het om nie kinders te kry nie, aangesien hulle op grond van die leerstellings van die Wagtoring-organisasie geglo het dat 1975 die einde van die huidige wêreld sou wees.

In dieselfde film is daar oudlede van die Wagtoring-organisasie wat vertel hoe hulle voor 1975, op grond van advies van senior lede van die organisasie, besluit het om nie verder te studeer nie, of selfs al hulle besittings te verkoop en die geld vir die organisasie te gee.

Hierdie gedrag word sterk deur die Wagtoring-publikasies aangemoedig. In 'n artikel in *Ons Koninkryksbediening* van 06/1969 (p. 3) word verklaar dat elke jong lid van die organisasie voor die keuse staan of hy sy geestelike belange eerste gaan stel, en of hy die onwysse stap gaan doen om homself voor te berei vir 'n loopbaan. Die jongmense word dan ook gewaarsku dat in die lig van die kort tyd voor die einde, die besluit om jou voor te berei vir 'n beroep nie alleen onwys sal wees nie, maar ook verskriklik gevaarlik.

In 'n artikel in *Ons Koninkryksbediening* van 05/1974 (p. 3) word lede aangemoedig om hulle huise en eiendom te verkoop en voltyds vir die organisasie te werk, aangesien die einde van die wêreldsisstème baie naby sou wees. Daar word dan ook verklaar dat baie Jehovah-getuies hieraan gehoor gegee het, en dat selfs lede met gesondheidsprobleme en families om te versorg voltyds begin veldwerk doen het vir die organisasie.

Dit is duidelik dat die tipiese eienskap van kultes om van hulle lede te verwag om persoonlikheid en persoonlike belange opsy te skuif vir dit wat die groep as belangrik beskou, wel deeglik by die Jehovah-getuies voorkom.

3.3.4 ELITE-MENTALITEIT

Die sogenaamde "elite-mentaliteit" wat by kultes gevind word (vgl. 2.3.4), kom duidelik by die Jehovah-getuies voor. Penton (1988:155) wys daarop dat die gevoel van eksklusiwiteit onder Jehovah-getuies dikwels 'n lelike kant van hulle na vore bring, deurdat hulle 'n geestelike trots ontwikkel wat afstootlik vir die mense om hulle is. Hierdie meerderwaardigheid word gevoed deur die organisasie wat graag spog met hulle hoë sedelike peil (vgl. 3.7.3), met hulle bereidheid om hard te werk en selfs met hulle indirekte bydrae tot die mediese wetenskap deur hulle weiering om bloedoortapping te ondergaan (vgl. 7.9). So skep die Wagtoring-organisasie by sy lede 'n elite-mentaliteit wat effektief gebruik word om die lede te laat voel dat hulle aan 'n besonderse en geroepe groep behoort. Dit lei ook daartoe dat die lede meer geneë is om hulle deur die leiers van die organisasie te laat beheer.

'n Ander lelike aspek van die elite-mentaliteit by die Jehovah-getuies is hulle gebrek aan barmhartigheid teenoor ander. *Die Wagtoring* van 01/03/1983 (p. 25) antwoord op kritiek dat die Jehovah-getuies se gedrag teenoor hulle naaste in die algemeen nie werklike liefde wys nie, deur te sê dat hoewel die betoning van naasteliefde ook belangrik is, die verkondigingswerk eerste kom. Hierdie uitgangspunt het jammerlike gevolge vir die organisasie se hantering van mense in nood. W.I. Cetnar (Cetnar & Cetnar, 1983:62-63), 'n jarelange werker by die Wagtoring-organisasie se hoofkwartier te Brooklyn, beskryf byvoorbeeld die swak behandeling wat sommige lede daar ontvang het. Een van hierdie mense, Charles De Wilda, wat vir jare by die hoofkwartier gewerk het, het toe hy al oud en 'n bietjie seniel was die destydse president, N.H. Knorr, berispe toe dié 'n reël oortree het. Die gevolg was dat die president dinge vir Charles so moeilik gemaak het dat hy 'n honger bestaan buite die hoofkwartier moes gaan voer en uiteindelik op 'n bank in 'n park gesterf het: "Dit was die beloning wat 'n man gekry het na vier dekades van getroue diens in 'God se organisasie', net omdat hy 'n duidelike teenstrydigheid uitgewys het."

Schnell (1957:80-82) wys daarop dat die Wagtoring-organisasie in hulle missie om die wêreld te verower, nie daarin belangstel om 'n weldoenersorganisasie te wees nie. Hulle verskoon hulleself met die misbruik van die Here se woorde in Lukas 9:60: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe", en beskryf die Christene se welsynswerk as farisese skynheiligheid. Dit alles, sê Schnell, is egter net 'n rookskerm om die aandag weg te trek van hulle totale gebrek aan maatskaplike sorg. Hulle is eerder op 'n farisese wyse besig om op die hoeke van strate hulle boeke te verkoop en van huis tot huis te gaan, sodat die mense hulle kan sien en beïndruk kan wees met hulle godsdienstigheid. Hulle hou

selfs aantekeninge van elke uur wat deur lede gewerk is en publiseer dit om indruk te maak.

Volgens Penton (1988:102) kon die ouere manne van die organisasie voorheen die tyd wat hulle bestee het aan verkondiging na buite, sowel as die tyd wat gebruik is vir herderlike werk binne eie geledere aanteken as amptelike dienstryd. Met die val in getalle van die aantal verkondigers in die laat sewentigerjare van hierdie eeu, is dit egter verander. Die ouere manne moes nou meer tyd bestee aan verkondigingswerk. Ander tyd moes gevind word as 'n lid werklik pastorale hulp nodig het, en dit kon nie meer as ure in diens van die organisasie aangeteken word nie. Hierdeur het die verkondiging na buite alle klem ontvang ten koste van pastorale sorg aan eie lede. Daar is ook 'n einde gemaak aan die vorming van hospitaalkomitees (bestaande uit Jehovah-getuies wat hulle siek medelede daar gaan bemoedig en bystaan het) en daar is beklemtoon dat die veldwerk prioriteit moet ontvang.

3.3.5 GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik dat die Wagtoring-organisasie deur die beheer wat oor sy lede se gedrag uitoefen word, ook in die opsig voldoen aan die eienskappe van kultes in hoofstuk 2 genoem.

3.4 BEHEER OOR EMOSIES/GEVOESENS

3.4.1 INLEIDEND

Soos in hoofstuk 2 (vgl. 2.4) gesien, beheer kultes hulle lede deur die houvas wat hulle op die emosies en gevoelens van hulle lede verkry. Vervolgens word gekyk of hierdie eienskap van kultes ook by die Jehovah-getuies voorkom.

3.4.2 VREES

In hoofstuk 2 (vgl. 2.4.2) is uitgewys dat vrees 'n belangrike rol speel in die beheer wat kultes oor hulle lede uitoefen. Daar is aangetoon dat die literatuur van kultes gewoonlik deurspek is van hoe naby die onheil is wat oor die mensdom gaan kom en dat net die organisasie waaraan die persoon behoort hom sal kan red daarvan.

Die Jehovah-getuies pas perfek in hierdie beskrywing van 'n kulte in. Soos 'n refrein klink dit deur die Jehovah-getuies se geskiedenis dat die einde hier is of dat die groot verdrukking binnekort gaan aanbreek (vgl. 5.4). Daarby word herhaaldelik gewaarsku

dat 'n mens 'n Jehovah-getuie sal moet wees om hierdie verskrikking te oorleef. So verklaar die organisasie op die laaste bladsy van hulle "Bybelstudie"-boek *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:255): "En net een organisasie - God se sigbare organisasie - sal die vinnig naderende groot verdrukking oorlewe." Die Wagtoring-organisasie word dan as 'n ark beskryf wat lede veilig deur die verskriklike stormwaters van die einde sal dra. En dan kom die waarskuwing: "Jy moet deel van Jehovah se organisasie wees en God se wil doen om die ewige lewe te ontvang."

Om deel van God se organisasie te wees, is egter nie genoeg nie. *Die Wagtoring* van 15/02/1983 (p. 12) verklaar dat twee van vier vereistes om die eindoordeel vry te spring, is dat 'n mens deel van die Wagtoring-organisasie moet wees én dat jy 'n aktiewe verkondiger (volgens hulle voorskrifte) moet wees. *Die Wagtoring* van 15/08/1972 (p. 492) stel dit duidelik dat 'n mens vir die organisasie moet werk om die ewige lewe te ontvang. In 'n artikel met die titel *Are you enduring or have you grown weary?* in *Die Wagtoring* van 01/10/1964 (p. 597) word die lede opgeroep om te volhard in hulle verkondigingswerk, want daardeur verseker hulle vir hulleself geluk en ewige lewe.

Lede word selfs gewaarsku dat dinge soos die voorbereiding op 'n beroep hulle ewige lewe kan kos. Soos reeds aangedui (vgl. 3.3.3), word in *Ons Koninkryksbediening* van 06/1969 (p. 3) verklaar dat dit, in die lig van die kort tyd voor die einde, nie net onwys sal wees vir jongmense om hulle voor te berei op 'n beroep nie, maar ook "verskriklik gevaarlik".

In baie boeke van die Wagtoring-organisasie word die verskrikking van die eindoordeel en van die huidige wêreld boonop met vreesaanjaende sketse uitgebeeld. Geen wonder nie dat baie oudlede van die organisasie melding maak van die geweldige rol wat vrees speel in die beheer wat die Wagtoring-organisasie oor sy lede het. So praat Schnell (1957:197-199) van hoe vreesbevange die organisasie hom gemaak het toe hy daarvan probeer losbreek het.

'n Ander oudlid van die organisasie, Randall Watters (1991b:12), is ook daarvan oortuig dat Jehovah-getuies met 'n ongebalanseerde vrees grootword. Alles buite die organisasie is van die duivel en word deur hom beheer. Dit maak lede (veral ook kinders) bang vir gewone ("wêreldse") tydskrifte, rolprente, opvoerings, ensovoorts. Enige inligting wat krities is teenoor die organisasie is outomaties sleg en gevaarlik. Die meeste dokters is sleg omdat hulle bloedoortappings gee. Die viering van verjaarsdae en Kersfees is sleg en gevaarlik. Rook kan lei tot demoonbeheersing. Om die vlag te salueer is om in die hande van Satan te speel. Alles word uitgebeeld as 'n reuse sameswering, deur Satan georkestreer, om die Jehovah-getuies te vernietig. Hierby kan 'n mens voeg die verskriklike weerstand wat Jehovah-getuies het teen organisasies wat die evangelie aan

hulle wil bring, asook teen die Christelike kerke wat as speerpunt van hierdie totale aanslag beskou word (vgl. 7.12).

Die resultaat, sê Watters, is dat veral kinders leer om vir die lewe self, buite die Wagtoring-organisasie, bang te wees. Hulle word oortuig dat as hulle ooit hierdie organisasie los, die duivel hulle sal vernietig. Hulle sal 'n patetiese lewe hê, met selfmoord as 'n moontlike voorland. Watters (1991b:12) sê dan ook dat hy bewus is van baie Jehovah-getuies by die hoofkwartier in New York wat weet dat die organisasie verkeerd is, maar wat te bang vir die buitewêreld geword het om uit te gaan. Hierdie vrees word deur die leiers van die organisasie bewerkstellig met uitsprake soos dié in *Die Wagtoring* van 01/03/1979 (p. 24): "Outside the true Christian congregation what alternative organization is there? Only Satan's organization . . ."

Volgens Reed (1990b:127) leef baie Jehovah-getuies in abnormale vrees vir die duivel en sy demone. Na sy bekering was hy eers bang vir die woord "wedergeboorte", omdat hy geleer is dat wedergebore mense, wat sê dat hulle die Heilige Gees het, in werklikheid onder die beheer van demone is. Sy vriende in die Wagtoring-organisasie wat nog van sy goed in hulle besit gehad het, het dit (o.a. meubels en klere) uit hulle huis uitgegooi, uit vrees dat demone in hulle huis sou kom deur daardie artikels.

Die skrywer het self hierdie vrees gesien toe hy in 1990 publikasies aan 'n (toe nog ongedoopte) Jehovah-getuie van Krugersdorp gegee het om te lees. Die persoon wat gesê het dat hy graag daarna wil kyk en dit sy huis ingeneem het, het dit later in sy motorhuis gaan bêre en dit by die eerste geleentheid weer teruggegee, nadat die ouere manne hom teen die sogenaamde gevaarlike invloed daarvan gewaarsku het. Hulle kon dit natuurlik doen op grond daarvan dat hulle publikasies (bv. *Die Wagtoring* van 15/01/1983:22) enige bevraagtekening van iets wat die Wagtoring-organisasie leer, as die aanslag van Satan self beskryf.

Watters (1990b:6-7) behandel in 'n artikel in die *Bethel Ministries Newsletter* 'n elftal vrese wat onder Jehovah-getuies bestaan, onder die opskrif *Understanding Watchtower Phobias*. Hulle is:

- twyfel (hulle ontwyk situasies en mense wat hulle kan laat twyfel);
- wêreldse mense (hulle word gewaarsku om mense buite die organisasie as "slegte geselskap" en gevaarlik vir 'n skoon lewe te vermy);
- vriende (hulle word aangemoedig om op mekaar te spioeneer en enige twyfel of worsteling aan die ouere manne deur te gee);

- oudlede (wat deur die organisasie in die lelikste moontlike terme beskryf word, en met wie hulle nie eers oogkontak moet maak nie);
- sukses (kan hulle verlei om hulle belangrikste roeping, naamlik verkondiging, af te skaal of te laat vaar);
- om die organisasie te verlaat (want dan gaan hulle vriende hulle ignoreer en glo hulle hulle sal nêrens hê om heen te gaan nie);
- navorsing (want net boeke van die organisasie is veilig om te lees);
- God (want hulle kan nooit seker wees van hulle redding en of hulle sal volhard nie);
- Satan (die mag wat agter alles buite die organisasie sit);
- ander godsdienste (wat almal deel is van Babilon die Grote en wat deur God vernietig gaan word);
- Armageddon (wat deur vreesaanjaende sketse voorgestel word).

Watters sê dan dat die leiers van die Wagtoring-organisasie die Jehovah-getuies deur hierdie vrese beheer en manipuleer.

3.4.3 SKULDGEVOELENS, LOJALITEIT EN TOEWYDING

Daar is reeds aangetoon dat kultes meesters is in die gebruik van skuldgevoelens om hulle lede te beheer (vgl. 2.4.3). Ook hierdie manipuleringstegniek is algemeen in die Wagtoring-organisasie. Watters (1986b:6) beskryf die tweede Wagtoring-president, Rutherford, as die koning van propaganda, in sommige van sy toesprake selfs beter as Hitler. Hy het veral daarin geslaag om almal wat luister skuldig te laat voel oor enigiets in hulle denke wat nie in lyn met sy denke was nie. Elke verandering in leerstelling wat hy ingevoer het, het 'n uitdaging vir die lojaliteit van die lede geword.

Kultes beklemtoon die belangrikheid van lojaliteit en toewyding baie sterk by hulle lede (vgl. 2.4.3). Dit is opvallend hoe dikwels die woord lojaliteit in Wagtoring-literatuur voorkom. 'n Mens kan aanneem dat dit 'n geweldige effek op die lede het, want wie wil nou dislojaal aan God en "Sy organisasie" wees? Volgens *Die Wagtoring* van 15/02/1983 (pp. 12-13) wil God hê dat die lede hulle lojaliteit aan Hom moet bewys deur verkondigers te wees van die leerstellings van die organisasie. Dit lei daartoe dat

Jehovah-getuies self sê dat hulle skuldig voel as hulle byvoorbeeld een naweek nie verkondigingswerk doen nie, maar as gesin iewers gaan ontspan (Jeremiah Films, 198-).

Die druk wat daar op Jehovah-getuies uitgeoefen word om lojaal en toegewyd vir die organisasie te werk, blyk duidelik uit oproepe wat in die verband op hulle gemaak word. 'n Voorbeeld hiervan word in *Die Wagtoring* van 15/11/1981 (p. 16) gevind, waar gesê word dat tussen nou en die voleinding van die oordeel, net die grootste moontlike toewyding en aktiwiteit van die diensknegte van Jehovah verwag word. So groot is die eis van lojale toewyding, dat dit vir Jehovah-getuies 'n eer is om te voel hulle is martelare wat alles opoffer vir hierdie grootse taak waarmee hulle besig is (Schnell, 1967:51).¹³

3.4.4 VERVOLGINGSWAAN EN HAAT

Kultes skep by hulle lede 'n soort vervolgingswaan waardeur mense buite die kulte as vyandig teenoor die lede en die groep in die algemeen geskets word (vgl. 2.4.4). Dit veroorsaak dat die lede onderling sterk op mekaar aangewese voel en daarom soveel makliker deur die leiers van die groepe gemanipuleer kan word. Dikwels tref 'n mens by lede ook haat aan teenoor diegene wat die groep verlaat het of mense wat die groep en sy leer teenstaan.

In *Die Wagtoring* van 15/11/1963 (p. 688) word tereg gesê dat dit nie 'n vorm van godsdienstige vervolging is vir iemand om te sê of te bewys dat 'n ander godsdienst vals is nie. Ongelukkig pas die Jehovah-getuies hierdie siening net toe as dit om kritiek op ander gaan, maar nie op kritiek wat na hulle kant toe kom nie. *Die Wagtoring* van 15/03/1986 (p. 12) leer lede om niks te doen te hê met mense of materiaal wat wil bewys dat dit wat die Jehovah-getuies leer nie waar is nie, en dat sulke verleidelike materiaal ongelees vernietig moet word.¹⁴

Die Wagtoring van 15/09/1981 (pp. 17-29) gee Jehovah-getuies opdrag om oudlede soos die pes te vermy, hulle selfs nie te groet nie en beslis nie na hulle te luister nie. Hierdie opdrag geld nie net ten opsigte van oudlede nie, want volgens *Die Wagtoring* (15/09/1981:23) moet almal wat weier om die leerstellings van die Jehovah-getuies te glo ook behandel word asof hulle oudlede is. Dit beteken dat Jehovah-getuies enigiemand en enigiets moet vermy wat die valsheid van hulle organisasie of sy leerstellings kan uitwys.

'n Rede wat aangegee word waarom hierdie mense vermy moet word, is omdat hulle kwansuis die organisasie en sy lede vervolg. Die Wagtoring-organisasie het lankal besef dat mense wat vervolgd word (of glo hulle word vervolgd) hymekaar en by hulle

organisasie staan. Schnell (1957:70-71) vertel hoe hulle as Jehovah-getuies in Duitsland in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog daarop uit was om die Christene te tart en so 'n teenreaksie te ontlok. Die teenreaksie wat wel gekom het, het hulle soos martelare laat voel en het hulle 'n hegte eenheid laat vorm. Schnell (1957:101-110) vertel verder hoe dit 'n algemene metode van die Wagtoring-organisasie geword het om situasies te skep waarin hulle noodwendig met die gereg moet bots, maar wat hulle kan plooi dat dit na godsdienstige vervolging lyk.¹⁵ Hierin het hulle dan ook geslaag. Deur die indruk te skep dat hulle oor hulle godsdiens vervolgt word, het hulle baie steun gewen. Self het dit hulle net sekerder gemaak dat hulle wel in die waarheid is, omdat hulle moes ly as gevolg van hulle gehoorsaamheid aan die opdragte van hulle organisasie.

In 'n artikel in *Bethel Ministries Newsletter* (Watters, 1986b:6) word onder die opskrif *The Seductive Appeal of Unity* gesê dat Rutherford met sy herhaalde aanvalle op kerke en kerkleiers (wat onder andere baie spotprente in Wagtoring-publikasies insluit; vgl. Magnani, 1987a:169-175) dit reggekry het om optrede teen die Jehovah-getuies uit te lok. Hierdie "vervolging" het dan veroorsaak dat daar 'n hegte band tussen die Jehovah-getuies onderling ontstaan het in hulle stryd teen die gemeenskaplike vyand. Watters waarsku dat Christene nie jaloers moet wees op hierdie sogenaamde eenheid onder Jehovah-getuies nie, aangesien dit op slim maniere bewerkstellig is, onder andere deur die skep van 'n elite-mentaliteit (as sou hulle alleen die verkore gesante van God wees; vgl. 3.3.4) en vervolgingswaan. Die Jehovah-getuies is mislei om te glo dat hulle soos een man moes veg teen die duivel wat die "lig van God" wat hulle leier vir hulle gebring het, probeer uitdoof het. Hulle moes dus hulle vryheid in Christus inboet vir hulle veel geroemde enersheid.

Deur 'n vrees vir die wêreld by die Jehovah-getuies te skep en aan te wakker (omdat die wêreld in 'n totale aanslag onder leiding van Satan teen hulle opgestel sou wees) en die gepaardgaande vervolgingswaan, slaag die Wagtoring-organisasie daarin om haat vir die wêreld, die kerk, ensovoorts by hulle lede wakker te maak. Alles wat nie deel van hulle organisasie is en wil wees nie, moet afgewys word. So word diegene wat waarsku teen die boeke van die Jehovah-getuies byvoorbeeld in die geskrifte van die organisasie uitgemaak as agente van die duivel (*The Golden Age*, 05/12/1934:146).

Daar word nie net 'n klimaat vir haat en afsku geskep nie, die Jehovah-getuies kry ook direkte opdrag om te haat. Hoewel *Die Wagtoring* van 15/07/1961 (p. 420) erken dat Jesus sê 'n mens moet jou vyande liefhê, beweer die artikel dat dit beslis nie die geharde vyande van Jehovah (dit wil sê hulle wat die leerstellings en dade van die organisasie teenstaan) insluit nie. Die Jehovah-getuies kry dan die opdrag om nie net dit wat sleg is by hulle teenstanders te haat nie, maar die persoon self ook.

Die Wagtoring van 01/10/1952 (p. 599) beklemtoon ook in geen onduidelike taal nie die opdrag om diegene wat negatief staan teenoor God en Sy mense (dit wil sê diegene wat die Wagtoring-organisasie weerlê) met 'n suiwer haat te haat: "We must hate in the truest sense, which is to regard with extreme and active aversion, to consider as loathsome, odious, filthy, to detest." Die vyande van Jehovah wat so beskryf word, word dan duidelik geïdentifiseer as hulle wat negatief is teenoor die Jehovah-getuies en die werk wat hulle doen. Daar word gesê dat hulle vermy moet word: "What do you do with anything loathsome or repugnant that you detest and abhor? The answer is simple. You get away from it or remove it from your presence. You do not want to have anything at all to do with it." Hieruit kan afgelei word dat Jehovah-getuies alle ware Christene moet haat, al kom laasgenoemde in liefde na hulle met die evangelie van Jesus Christus. Om hierdie rede sien hulle ook sulke optrede van Christene as deur haat en nie deur liefde nie gedronge. Die opdrag om diegene wat hulle teenstaan te haat, word ook in *Die Wagtoring* van 15/06/1980 (p. 8) herhaal.

Reed (1990b:125-126) beskryf die haat wat jou te beurt val wanneer jy met die Jehovah-getuies wil breek. Die meeste van sy vorige vriende het baie vyandig teenoor hom geword. Oor die nuusbrief wat hy begin uitgee het, het 'n getuie hom gebel en gewaarsku dat hy met hom gaan afreken, en ander het selfs doodsdreigemente op sy antwoordmasjien gelaat.¹⁶

Dit blyk dus duidelik dat die Jehovah-getuies ook in hulle vervolgingswaan en haat tipies kultariese eienskappe vertoon.

3.4.5 LIEFDE EN VRIENDSKAP

Onderlinge vriendskap tussen Jehovah-getuies verseker verder die organisasie se houvas op sy lede. Aangesien geen vriendskappe met mense buite die organisasie gesluit mag word nie, is lede op mekaar aangewese. Hierdie vriendskappe word dan ook aangemoedig deur die Wagtoring-organisasie. 'n Foto in *Die Wagtoring* van 15/10/1974 (p. 635) het byvoorbeeld die onderskrif: "Warm friendship and conversation enjoyed at Tiger Stadium in Detroit."

Tog word die organisasie se belange steeds bo enige vriendskap en trou gestel. Om hierdie rede word van lede verwag om mekaar aan te gee wanneer een van hulle een of ander reël van die organisasie sou oortree. Trouens, lede word aangemoedig om op mekaar te spioeneer (Schnell, 1957:158, 194-197).

Volgens Magnani (1987a:33-34) kla lede dikwels dat hulle 'n gebrek aan die betoning van liefde deur die ouere manne ervaar, terwyl hulle eintlik die herders van die

gemeente moet wees. Hy wys dan daarop dat hierdie manne, as gevolg van die prioriteit wat die organisasie aan veldwerk gee, net nie die tyd het om behoorlik aandag te gee aan gemeentelede wat probleme het nie. Besluite wat lede seermaak, word in geheime komiteevergaderings geneem. Persoonlike worstelinge van lede word op verkeerde maniere hanteer, wat al daartoe gelei het dat lede selfmoord pleeg.¹⁷ Klagtes oor die ouere manne se gebrek aan liefde en empatie word gewoonlik beantwoord daarmee dat hulle deur God aangestel is en dat die lede daarom tevrede moet wees met hulle.

3.4.6 SEKURITEIT EN PERSOONLIKE KRISIS

Die behoefte aan sekuriteit (vgl. 2.4.6) figureer sterk by die Jehovah-getuies. Die wêreld daarbuite word so donker geskets dat om deel te bly van die organisasie die enigste sekuriteit is wat lede het. Die organisasie word immers volgens *Die Wagtoring* van 01/03/1983 (p. 26) gerugsteun deur Jehovah, Jesus Christus en al die heilige engele. *Die Wagtoring* van 01/05/1957 (p. 284) beweer dat dit veel veiliger is om maar binne die organisasie te bly, al voel jy dat daar dinge is wat nie reg is nie, as om buite die organisasie te wees "waar net chaos en vernietiging op ons wag".

Soos reeds gesien (vgl. 3.4.2), ontwikkel Jehovah-getuies gevolglik 'n groot vrees daarvoor om in die "koue" buitkant die organisasie (die enigste ark in die storms; vgl. WTBTs, 1982:255) te beland. Nadat 'n Jehovah-getuie-gesin van Johannesburg in 1989 na 'n hele aand se gesprek oortuig is dat verlossing nie deur die Jehovah-getuies moontlik is nie, het een van die gesinslede (wat in st. 9 was en baie aktief was in haar geloof) met vrees in haar stem gepleit: "Moet ons nou net nie los nie."¹⁸ Dit wat haar sekuriteit was, was nou ewe skielik nie meer daar nie. Haar sekerheid, gebou op reëls en regulasies wat kwansuis van God kom, was haar ontnem.

Martin en Klann (1974:92-93) sluit aan by die siening van Stroup ('n voormalige professor in sosiologie te Brooklyn) dat die Jehovah-getuie-beweging veral mense trek wat 'n sterk behoefte aan sekuriteit het.¹⁹ Hulle vind 'n psigiese tuiste in hierdie organisasie wat homself teen alle godsdienste stel en 'n paradys belowe aan die eensame mens en die persoon in krisis.

Watters (1991c:2) skryf in 'n artikel onder die opskrif *Are Jehovah's Witnesses Religious Addicts?* dat ondersoekte onder lede van kultes soos die Jehovah-getuies getoon het dat hulle meestal geworf is in 'n krisistyd in hulle lewens. Dikwels was die mense in 'n oorgangsfase, op pad na 'n nuwe werk of beroep, het hulle verhuis na 'n nuwe omgewing, was hulle jongmense wat geworstel het met sekere dinge, besig met 'n egskeiding, pas deur die dood van 'n gesinslid, ensovoorts. Dit is dan ook opvallend dat

Die Wagtoring gereeld persoonlike ervarings van mense publiseer, waarin vertel word dat die Jehovah-getuies in 'n tyd van krisis aan hulle deur kom klop het. Penton (1988:261) bevestig Watters se uiteensetting. Hy gee as voorbeelde die werwing van mense wat kinders deur oorlog verloor het, asook mense wat baie bekommerd is oor die grootmaak van hulle kinders.

Dat die Jehovah-getuies egter nie 'n goeie oplossing vir psigiese probleme bied nie, is duidelik uit statistiese verslae wat 'n buitengewoon hoë voorkoms van psigiese steurnisse by Jehovah-getuies aandui. Spencer (1975:556-558) bespreek navorsing wat gedoen is by die *West Australian Mental Health Service Psychiatric Hospitals* met persone wat tussen Januarie 1971 en Desember 1973 daar opgeneem is vir behandeling. Daar is onder andere bevind dat die voorkoms van skisofrenie onder Jehovah-getuies drie keer hoër is as onder die res van die bevolking, terwyl paranoïese skisofrenie amper vier keer meer voorkom onder Jehovah-getuies (vgl. ook Magnani, 1987a:34-35).

3.4.7 OPSWEPING

Die eienskap van kultes dat voortdurend beklemtoon word hoe suksesvol hulle is (vgl. 2.4.7), kom ook by die Jehovah-getuies voor. Soos reeds gesien, het die siening dat God hulle organisasie uitverkies het om Sy enigste ware organisasie te wees, 'n groot invloed op die werksywer van Jehovah-getuies (vgl. 3.3). Daar word dan ook graag vertel van alles wat die organisasie deur die werksywer van sy lede bereik het, wat verder dien as aanmoediging om hard te werk.

In *Die Wagtoring* van 01/01/1990 (p. 2) word gesê dat die gemiddelde oplaag van *Die Wagtoring* 13 950 000 is. Op bladsy 24 word vertel dat daar 3 787 188 Jehovah-getuies in 212 lande werksaam is, wat die vorige jaar altesaam 835 426 538 ure bestee het aan verkondigingswerk. Hierby word vertel dat die Wagtoring-drukkery in New York alleen in 1989 25 999 ton papier gebruik het om 35 811 000 Bybels, boeke en brosjures te druk.

Op die voorblad van *Die Wagtoring* van 01/03/1979 word Jehovah-getuies opgeroep om te glo in hulle oorwinnende organisasie. Die *Jaarboeke* van die Jehovah-getuies bevat ook telkens uitgebreide statistiek oor die groei van die organisasie dwarsoor die wêreld. Wat egter telkens verswyg word, is dat daar 'n groot vloed van lede is en dat die organisasie volgens Penton (1988:124) voortdurend die meeste van sy bes opgeleide en mees intelligente mense verloor.

3.4.8 GEVOLGTREKKING

Die invloed wat die Wagtoring-organisasie op die emosies en gevoelens van sy lede het, is een van die belangrikste redes waarom hy sy lede so goed beheer. Dit is duidelik dat die Jehovah-getuies ook op hierdie vlak al die eienskappe van 'n kulte vertoon.

3.5 BEHEER OOR INLIGTING EN OMGEWING

3.5.1 INLEIDEND

In hoofstuk 2 is daarop gewys dat 'n mens besluite neem volgens die inligting waaroor jy beskik (vgl. 2.5.1). Daarom sorg die kultes dat net geselekteerde inligting by hulle lede uitkom en skryf hulle voor met watter mense hulle lede mag kontak hê en met wie nie. In hierdie onderafdeling word nagegaan of die Wagtoring-organisasie dit ook doen.

3.5.2 HOE EN WAAROM INLIGTING BEHEER WORD

Die Wagtoring van 01/11/1987 (p. 19) waarsku Jehovah-getuies om nie na godsdienstoprogramme oor die radio of televisie te luister nie, omdat dit hulle geestelik sal besoedel. Lede moet hulle eerder geestelik skoon hou deur toegewyd met "Bybelstudie" deur middel van die organisasie se boeke besig te wees.

Die Wagtoring van 15/03/1986 (p. 12) gee aan Jehovah-getuies opdrag om literatuur wat aan hulle gegee of gestuur word en wat krities is teenoor die organisasie nie eers te lees nie, maar dit onmiddellik te vernietig. Interessant genoeg erken die stuk dat as lede dit wel lees, hulle die organisasie ernstig sal begin bevraagteken en sal begin twyfel. Hierdie twyfel word dan toegeskryf aan die werk van die duiwel, vir wie die Jehovah-getuies groot vrees het (vgl. 3.4.2).

Ook *Die Wagtoring* van 01/05/1984 (p. 31) sê dat Jehovah-getuies nie enige ander godsdienstige literatuur as hulle eie durf lees nie. Hulle word dan ook aangesê om nie ander godsdienstige geskrifte te neem in ruil vir dit wat hulle aan mense wil gee nie, omdat dit die idees van drosters bevat en hulle sal vergiftig.

So slaag die organisasie daarin om hulle lede bang te maak om enige godsdienstige geskrif te lees wat nie van die Wagtoring-organisasie afkomstig is nie. Dikwels is hulle selfs te bang om na fotostate uit hulle eie literatuur te kyk as 'n mens dit aanbied, omdat hulle bang is dat dit, in die hande van diegene wat met hulle verskil, hulle kan vergiftig. *Die Wagtoring* van 15/05/1984 (p. 17) gee dan ook aan Jehovah-getuies opdrag om na

niemand te luister wat "Jehovah se organisasie" kritiseer nie, en impliseer dat al sodanige kritiek uit bitterheid ontspring.

Selfs die Jehovah-getuies wat by die hoofkwartier in New York aangestel is om navorsing te doen, word nie toegelaat om sommer enige materiaal te gebruik of te bestudeer nie. W.I. Cetnar (Cetnar & Cetnar 1983:56), wat in opdrag van die Wagtorings-organisasie navorsing moes doen vir die "Editorial Departement", skryf dat daar glad nie van 'n objektiewe evaluering van gegewens sprake was nie. Die riglyn was dat slegs materiaal wat ooreenstem met die leer van die organisasie gebruik moes word. Tog word Jehovah-getuies in *Die Wagtoring* van 01/06/1967 (p. 338) opdrag gegee om hulle te berus by hierdie "navorsing" (deur mense wat nie eers noodwendig enige wetenskaplike opleiding ontvang het nie) en nie enige navorsing op hulle eie te doen nie. Alle ekstra tyd moet ingaan in die bestudering van nuwe *Wagtorings* en ander publikasies van hulle organisasie.

Die gevolg is dat die inligting wat Jehovah-getuies kry uiters eensydig is. Daar is selfs nie eers vir hulle genoegsame tyd om die Bybel te lees nie. In 1981 alleen was dit van Jehovah-getuies verwag om 3178 bladsye Wagtoring-literatuur te lees en te herlees, teenoor slegs 197 bladsye uit die Bybel (Penton, 1988:231).

Selfs as dinge vir lede nie reg lyk nie, moet die Jehovah-getuies volgens *Die Wagtoring* van 01/05/1957 (p. 284) maar daarby inval, want "Jehovah weet wat aangaan in sy organisasie, en as hy gewillig is om dit toe te laat, wie is ons dan om daarop aan te dring dat dit anders moet wees?"

Schnell (1957:194-197) vertel dat hy as Jehovah-getuie-pionier in 1941 sy inkomste begin aanvul het deur ook ander boeke behalwe Wagtoring-lektuur te begin verkoop. Hy is in hierdie poging van hom veral deur sy mede-Jehovah-getuies ondersteun. Die hoofkwartier van die organisasie het egter, toe hulle dit te hore kom, hom verbied om dit te doen, omdat daar dinge in die boeke mag gestaan het wat in stryd kon wees met teokratiese kennis. Hulle wou duidelik nie gehad het dat Jehovah-getuies enigiets anders lees as die publikasies wat die organisasie self verskaf nie.

3.5.3 HOE EN WAAROM DIE OMGEWING BEHEER WORD

Nie net die inligting wat die Jehovah-getuies bereik nie, maar ook hulle omgewing (waaronder enige mense met wie hulle iets te doen mag hê) word deur die organisasie beheer. Jehovah-getuies word verbied om enige kontak met oudlede te hê, of hulle selfs net te groet (*Wagtoring*, 15/09/1981:17-29). Dit sluit familieleden soos ouers en kinders in. Hierdie praktyk het al verskriklike hartseer veroorsaak.²⁰ Hierby mag Jehovah-

getuies nie kontak hê met enigiemand wat hulle leerstellings teenstaan nie, en moet sulke mense beskou word asof hulle ook drosters is (*Wagtoring*, 15/09/1981:23; vgl. 3.4.4).²¹

Die beheer oor Jehovah-getuies se omgewing strek nog verder. So word in *Die Wagtoring* van 01/02/1974 (p. 93) aan ouers die opdrag gegee om hulle kinders net met ander Jehovah-getuie-kindere te laat assosieer. Kinders moet in hulle vrye tyd so besig gehou word deur hulle ouers, dat hulle nie tyd het om met kinders buite die organisasie kontak te maak of 'n vriendskap op te bou nie. Wanneer die kind wel vriende buite die organisasie wil hê, moet die ouers hom of haar daarop wys dat die Bybel dit verbied, en dan sorg dat die kind wegbly van hierdie ander kinders af. Op die manier wil die organisasie klaarblyklik verhoed dat die kinders beïndruk word deur die wêreld buite die organisasie en dit dan verlaat. 'n Boekie *Die skool en Jehovah se Getuies* (WTBTS, 1983a) is selfs uitgegee, met 31 bladsye vol reëls van wat vir Jehovah-getuie-kindere by die skool verbode is, om ook daardie omgewing van die kinders te probeer beheer.

Ook vir die ouers en die Jehovah-getuies in die algemeen, is dit verbode om vriende buite die organisasie te hê. Selfs al het die Jehovah-getuies jarelange vriende wat ook mooi lewens lei maar nie Jehovah-getuies wil word nie, moet kontak met hierdie mense vermy word, volgens *Die Wagtoring* van 15/02/1960 (p. 112). Die rede wat hiervoor gegee word, is indirek 'n erkenning dat die lede, as gevolg van sodanige kontak met mense buite die organisasie, tot die besef kan kom dat die beeld van die buitewêreld wat die organisasie aan hulle voorhou nie strook met die werklikheid nie. Hulle sê naamlik dat kontak met sodanige mense sal veroorsaak dat die individuele Jehovah-getuies soos hierdie mense sal begin dink, nie meer so toegewyd sal wees nie, hulle integriteit sal verloor en dat hulle gewetens afgestomp sal word sodat Jehovah se vereiste om aanhoudend die organisasie se literatuur te bestudeer en vir die organisasie te werk, nie meer ernstig opgeneem sal word nie. Dan volg die direkte opdrag: "Quit sharing with them."

3.5.4 GEVOLGTREKKING

Die Wagtoring-organisasie kry dit op al hierdie maniere reg om die inligting wat hulle lede bereik en die omgewing waarin hulle hulle bevind tot 'n groot mate te beheer. So probeer hulle verseker dat elke Jehovah-getuie 'n lojale lid van die organisasie bly. Ook in hierdie opsig beantwoord die organisasie aan die eienskappe van 'n kulte genoem in hoofstuk 2 (vgl. 2.5).

3.6 BEHEER OOR TAAL

3.6.1 INLEIDEND

Daar is reeds daarop gewys dat kultes deur 'n eie woordeskat asook 'n eie interpretasie wat aan bestaande woorde gegee word, groot invloed op hulle lede uitoefen (vgl. 2.6). Die vraag is nou of hierdie "taalbeheer" ook by die Jehovah-getuies voorkom.

3.6.2 EIE WOORDESKAT

Die Jehovah-getuies het hulle eie woordeskat. 'n Term wat byvoorbeeld 'n belangrike rol speel in die suksesvolle verandering van leerstellings deur die Wagtoring-organisasie, is die uitdrukking "nuwe lig", oftewel "nuwe waarheid" (vgl. ook 3.9.3.4). Deur die slim beheersing van hierdie terme, maak die organisasie telkens van verleenthede geleenthede. Deur die net meer as honderdjarige bestaan van hierdie organisasie het bykans elke leerstelling radikale wysigings ondergaan (vgl. 5.5). Om hierdie bewys dat die organisasie, in die aanvanklike formulering van sy leerstellings nie deur God nie maar deur mense gelei is te verdoes, word die veranderings in leerstellings telkens aangekondig as "nuwe lig" of "nuwe waarheid" wat van God ontvang is. So het die wysigings (party selfs teenoorgestelde uitsprake, byvoorbeeld oor die viering van Kersfees, die toelaatbaarheid van immunisering en of Jesus in 1874 of in 1914 gekom het) vir die lede eerder 'n aanduiding geword dat God steeds met hulle organisasie is, as wat dit uitgewys het dat God beslis nie hierdie organisasie as mondstuk gebruik nie.²²

Schnell (1957:87) verwys ook na die Wagtoring-organisasie se slim gebruik van die term "nuwe waarheid". Deur hierdie term kan die organisasie met die tyd aanpassings doen ten opsigte van sy leerstellings, sonder om in diskrediet by sy lede te raak. Die beheer wat uitgeoefen word deur middel van hierdie terminologie word so suksesvol toegepas en deur herhaling by die Jehovah-getuies ingeplant, dat almal dieselfde reageer as 'n mens hulle tot verantwoording roep oor die radikale veranderings in hulle leerstellings, naamlik: "Ons het nuwe lig van God ontvang." Tereg sê Schnell dat die beheer van hulle woordeskat veroorsaak dat Jehovah-getuies dieselfde begin dink, praat en getuig.

Terme en uitdrukkings word gebruik om teenstanders te etiketteer. Watter persoon wat iets van die Bybel weet, sal iets te doen wil hê met die antichristelike dier in Openbaring 13 of met Babilon die hoer? Deur hierdie terme te gebruik wanneer na die Christendom verwys word, word vrees en afsku vir die Christelike kerke by die Jehovah-getuies geskep (vgl. 7.12). Dit help verseker dat Jehovah-getuies eerder ure en ure slaafs sal

werk vir die organisasie, as om uitgeskop te word en dan uitgelewer te wees aan die Christendom.

'n Ander effektiewe manier waarop die Wagtoring-organisasie beheer uitoefen oor sy lede, is die gebruik van lelike etiketterende terme om te verwys na diegene wat uit die organisasie bedank het, naamlik "droster" ("apostate") en "slegte dienskneg" (Schnell, 1957:74). Met hierdie skeldwoorde vir diegene wat weggegaan het, slaag die organisasie daarin om die lede in pas te laat bly met hulle leerstellings en voorskrifte, want niemand wil eendag hoor dat hierdie terme op hom of haar van toepassing gemaak word nie. Dit help ook om by lede 'n weersin te skep teenoor die "drosters", sodat hulle nie enige kontak met hulle sal maak en dalk ook die organisasie verlaat nie. Soos gesien (vgl. 3.4.4), word selfs mense wat nooit lede was nie maar die organisasie en sy leerstellings teenstaan, drosters genoem (*Wagtoring*, 15/09/1981:17-29).

Terme word ook gebruik om die organisasie en sy lede as positief te beskryf en so 'n toegeneentheid teenoor die organisasie te kweek. Hier kan 'n mens dink aan die gebruik om voltydse werkers "pioniers" te noem, dat die beheer van die organisasie "teokraties" (deur God geregeer) is, en dat die bestuursliggaam saam met die res van die 144 000 die "getroue en verstandige slaaf" genoem word (vgl. 4.4.3).

Een van die vrugbaarste maniere waarop die Wagtoring-organisasie terme gebruik om 'n stewige beheer oor sy lede te verseker, is die beskrywing van die verskillende sogenaamde groepe of klasse onder die Jehovah-getuies. Volgens Schnell (1957:43 e.v.) is die klassesisteem gebruik om individuele denke en 'n persoonlike individuele verhouding met God teen te werk. Eers is daar begin met die Mordegai-Naomi-klas, gevolg deur die Rut-Ester-klas (1922-1929), en na 1931 die onbeperkte Jonadab-klas.²³ Dit het aan die Wagtoring-leiers die geleentheid gegee om hulleself as 'n superklas bo die ander klasse van getuies te stel, naamlik as die "goeie en getroue slaafklas". God deel al Sy genade aan laasgenoemde uit, en hulle gee dit dan weer deur na die ander klasse. Vandag is daar basies net twee klasse oor, naamlik die Jonadabs (gewone Jehovah-getuies) en die "goeie en getroue slaafklas" (vgl. 7.5 & 7.7).

Die gevolg van hierdie terminologie en indeling in klasse, is dat die miljoene volgelinge van die Wagtoring-kulte (die sogenaamde Jonadabs) vir hulle "geestelike voedsel" afhanklik geword het van die twee keer 'n maand se uitgawes van *Die Wagtoring* en die ander publikasies van die "slaafklas", wat in werklikheid die heersersklas is. Die Jonadabs het slawe van die organisasie geword, en die organisasie se publikasies skroom dan ook nie om hulle "slawe" te noem nie. Dit word selfs as 'n groot voorreg aan hulle voorgehou (Schnell, 1957:73).

3.6.3 EIE INHOUD AAN WOORDE

Volgens Magnani (1990:67) praat Christene en Jehovah-getuies by mekaar verby. Die rede hiervoor is dat die Wagtoring-organisasie aan elke basiese Bybelse of Christelike woord (soos God, Jesus, Heilige Gees, verlossing, evangelie, koninkryk, opstanding, siel, gees, hemel, hel, verbond, ens.) 'n ander inhoud gegee het. Terwyl die Christen onder "God" die almagtige drie-enige God verstaan wat alomteenwoordig, almagtig en alwetend is, kan "God/god" vir die Jehovah-getuies verskillende moontlike wesens wees - selfs Satan (vgl. 6.3.4 & 6.5.4). Hulle erken egter net een wese in hierdie veelgodedom as God almagtig en noem Hom "Jehovah", wat in Christelike terme seker die naaste aan "God die Vader" kom (WTBTS, 1989:28). Tog is hulle nie presies dieselfde nie, omdat die Wagtoring-organisasie se "Jehovah" nie alomteenwoordig en alwetend is nie, terwyl "God die Vader" vir die Christene dit wel is (vgl. 6.2).

Volgens Schnell (1957:22-27) blyk die Jehovah-getuies se strategie om Bybelterme uit hulle konteks te haal en vir hulle eie doel te gebruik van die eerste jare van die organisasie tot vandag toe suksesvol te wees om mense onder hulle beheer te kry en te hou en hulle soos slawe te laat werk. So is die Eerste Wêreldoorlog en Matteus 24 byvoorbeeld direk met mekaar in verband gebring (al was daar wêreldoorloë daarvoor en daarna), om hulle lede te oortuig dat hulle die mense is van wie in vers 14 gepraat word wat die evangelie van die koninkryk in hierdie laaste dae voor die einde moes verkondig (vgl. 5.2 & 5.3.4). Onder die indruk dat die Bybel hulle verkondigingswerk en verkoop van boeke voorspel het, het baie lede ywerig die werk gedoen wat die organisasie aan hulle opgedra het.

Magnani (1990:88-98) gee 'n hele lys woorde wat vir die Jehovah-getuies ander betekenisse as die normale het:

- * "*Armageddon*" dui vir die Jehovah-getuies op die einde van die huidige stelsel op aarde, wanneer Jehovah alle mense behalwe die getroue Jehovah-getuies gaan vernietig (Op. 16:16).
- * "*Babilon die Grote*" sluit alle godsdienstige organisasies buiten die Jehovah-getuies in (veral die Christelike kerke); hulle gaan almal vernietig word met Armageddon (vgl. 7.12).
- * "*Bybelstudie*" is die bestudering van die publikasies van die Wagtoring-organisasie. Vrae word gevra om punte wat in elke paragraaf gestel word te beklemtoon. Hoewel dikwels na die Bybel verwys word, is die Bybel nie die hoof studiebron nie. 'n Mens sou dus eerder van "boekstudie" kon praat.

- "*Christen*" is 'n term waarop net Jehovah-getuies kan aanspraak maak.
- "*Christendom*" is eintlik navolgers van Satan en vyande van God, onder die dekmantel dat hulle navolgers van Christus is.
- "*Doop*" geskied deur onderdompeling, en dui op 'n lewenslange toewyding aan God en die Wagtoring-organisasie.
- "*Drie-eenheid*" word nie net weergegee soos die Christene glo as drie Persone wat een God is nie, maar ook verkeerdelik as drie Persone in een Persoon, of drie Gode in een God. Dit word beskou as 'n onverstaanbare heidense leerstelling wat deur Satan uitgedink is (vgl. 6.3).
- "*God se organisasie*" is niks en niemand anders as die Wagtoring-organisasie nie. Daar word geglo dat die organisasie se bestuursliggaam sy inligting en opdragte van God self ontvang, deur middel van Sy engele (vgl. 3.9).
- "*Gedagtenismaal*" is die Jehovah-getuies se "nagmaal" wat een maal per jaar plaasvind op die Joodse datum 14 Nisan, en waaraan net die paar lede wat deel uitmaak van die 144 000 mag deelneem.
- "*Getroue en verstandige slaaf*" (Matt. 24:45) is die klein groepie van die 144 000 (die sogenaamde "klein kuddetjie") wat tans nog op aarde oor is, en wat as die geestelike leiers van die miljoene Jehovah-getuies optree. Die twaalf lede van die bestuursliggaam is hulle spreekbuis (vgl. 7.5 & 7.7).
- "*Groot menigte*" / "*Ander skape*" is die grootste deel van die Jehovah-getuies. Hulle is nie deel van die 144 000 wat hemel toe gaan nie, maar hulle gaan die aarde beërwe (vgl. 7.7).
- "*Heilige Gees*" is nie die derde Persoon van die drie-enige God nie. Hy is nie eers 'n persoon nie, maar net 'n onpersoonlike krag (vgl. 6.6).
- "*Jesus Christus*" is die eerste geskape engel van God, ook bekend as Migael die aartsengel (vgl. 6.5.2).
- "*Koninkryk*" is die heerskappy van God deur Jesus en die 144 000 Jehovah-getuies, wat in 1914 begin het.
- "*Die liggaam van Christus*" bestaan nie uit *al* die gelowiges soos wat die Christene op grond van die Bybel glo nie, maar uit slegs 144 000 van die getrouste Jehovah-getuies wat (anders as die res van die Jehovah-getuies wat die aarde gaan

beërwe) die hemel gaan beërwe. Die sowat 9 000 van hulle wat vandag nog op die aarde oor is, dien deur middel van die bestuursliggaam as God se spreekbuis vir die res van die Jehovah-getuies hier op aarde. Net hierdie klein groepie is deel van die "verbond" met God en mag nagmaal gebruik (vgl. 7.5 & 7.7).

- "Paradys" is die herstelde aarde na Armageddon waarop die getroue Jehovah-getuies (wat nie deel is van die 144 000 nie) sal lewe.
- "Pionier" is 'n Jehovah-getuie wat minstens 90 ure per maand vir die organisasie werk deur die verkoop van Wagtoring-publikasies en die hou van "Bybelstudies" met potensieële bekeerlinge.
- "Publisher"/"Verkondiger" is enige persoon wat geskik geag word om die Jehovah-getuies te verteenwoordig en hulle boeke te verkoop.
- "Slegte slaaf"/"Droster" is 'n persoon wat sy lidmaatskap van die Wagtoring-organisasie beëindig het.
- "Teenwoordigheid" is die Wagtoring-organisasie se woord vir die wederkoms van Christus. Dit het in 1914 plaasgevind toe Jesus saam met 'n groot deel van die 144 000 die beheer van dinge hier op aarde begin oorneem het. Van 'n fisiese wederkoms is daar geen sprake nie, want Jesus sal volgens hulle leer nooit weer aarde toe kom nie (vgl. 7.4).
- "Teokrasie" is God se regering wat plaasvind deur Christus se verkose kanaal, naamlik die Wagtoring-organisasie.²⁴
- "Teokratiese oorlogvoering" sluit byvoorbeeld die gebruik van leuens in as wettige manier om mense wat sogenaamd nie geregtig is op die waarheid nie (veral nie-Jehovah-getuies) te mislei (vgl. 3.7.4).
- "Toewyding" beteken om jouself toe te wy aan Jehovah deur jouself ondergeskik te stel aan al die reëls van die organisasie en onvermoeid veldwerk te doen:
- "Watchtower Bible and Tract Society" is 'n geregistreerde korporasie met sy hoofkwartier te Brooklyn, New York. Dit beheer die publikasie en verspreiding van alle Jehovah-getuie-publikasies, asook alle Jehovah-getuies en hulle aktiwiteite, deur verskillende departemente onder leiding van die bestuursliggaam. Alle Jehovah-getuies moet geheel en al buig voor hierdie organisasie se gesag as hulle 'n kans wil hê op die ewige lewe (vgl. 3.9 & 3.10).

- * "Wedergeboorte" is nie vir elke Christen beskore nie, maar slegs vir die 144 000 wat volgens Wagtoring-leerstellings hemel toe gaan (vgl. 7.7).

3.6.4 GEVOLGTREKKING

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Jehovah-getuies ook dié eienskap van kultes vertoon dat hulle terme en die inkleding daarvan gebruik om hulle houvas op hulle lede te verstewig. Deur die manipulerende gebruik en misbruik van terme word 'n effektiewe skeidsmuur tussen lede en invloede van buite gebou. Daarom sê Magnani (1990:67) is dit vir Christene wat 'n effektiewe gesprek met Jehovah-getuies wil voer belangrik om die taal van die Jehovah-getuies te leer praat en verstaan. Daardeur kan ook wanbeelde afgebreek word wat deur die organisasie se manipulerings terminologie by hulle lede ingeskerp is.

3.7 BEHEER OOR NORME

3.7.1 INLEIDEND

Kultes beheer hulle lede effektief deur die absolute seggenskap wat hulle uitoefen oor wat as goed en sleg, reg en verkeed, mooi en lelik beskou moet word (vgl. 2.7). In hierdie onderafdeling word gekyk of hierdie beheer oor norme ook by die Jehovah-getuies voorkom.

3.7.2 GOED OF SLEG

Vir kultes is iets óf goed óf sleg, afhangende van hoe dit ten opsigte van die organisasie en sy leer staan. Daar is min ruimte vir persoonlike besluitneming (vgl. 2.7.2).

Jehovah-getuies word deur hulle organisasie verbied om self normatief te dink. Hulle moet die organisasie se rigiede reëls klakkeloos aanhang. Onder die opskrif *How to Avoid "Falling Away from the Faith"*, waarsku Die Wagtoring van 01/08/1980 (p. 20) Jehovah-getuies "that one of the basic causes of apostasy is a lack of faith through destructive doubt, and that the word translated 'doubt' also means 'to distinguish.' The apostate makes himself a decider of what is true and what is false, of what is 'good and bad' ..."

3.7.3 MOETS EN MOENIES

Dit is tipies van kultes dat daar 'n hele lys selfgemaakte moets en moenies bestaan wat die lede deel van hulle eie normsisteem moet maak (vgl. 2.7.3). Hierdie norme mag nie bevraagteken word nie, omdat dit na bewering van God kom.

Dat dit ook is wat Jehovah-getuies geleer word, blyk duidelik uit hulle geskrifte. So leer *Die Wagtoring* van 15/03/1969 (p. 172) die lede dat "Jehovah se organisasie onder leiding van die 'goeie en getroue slaaf'-klas elke besluit wat ons neem moet beïnvloed". *Die Wagtoring* van 15/02/1976 (p. 124) waarsku Jehovah-getuies dat norme van die organisasie wat nie stiptelik uitgeleef word nie, neerkom op "'n verwerping van goddelike heerskappy".

Wat die norme self betref, is dit opvallend dat die Jehovah-getuies pertinente reëls en regulasies het oor dinge wat gewoonlik deur godsdienstige groepe as middelmatige sake beskou word en aan die vryheid van die individu oorgelaat word. Hulle *Branch Organization Prosedure*-boek bevat 'n lys van 1 177 moets en moenies waaraan Jehovah-getuies gehoorsaam moet wees (Penton, 1988:125; Watters, 1987c:92).²⁵

Penton (1988:103) sê dat die reëls van die Wagtoring-organisasie selfs dinge insluit soos hoe lank manlike lede se hare en vroulike lede se rokke moet wees. Sketse van hoe 'n verkondiger van die evangelie behoort te lyk, kom byvoorbeeld in *Die Wagtoring* van 01/01/1982 (pp. 16-19) voor.

Reed (1990b:122-124) vertel dat hy as ouere man soos 'n fariseër begin voel het oor al die voorskrifte ten opsigte van kleredrag wat hy en die ander aan die lede moes deurgee. Hy wys ook daarop dat hulle as ouere manne die "susters" moes vertel hoe lank hulle rokke moes wees en die "broeders" hoe om hulle hare te sny en te kam, watter broekspype toelaatbaar was, en dat hulle wit hemde en 'n sportbaadjie na die byeenkomste moes aantrek. Toe Reed, strydig met die organisasie se reëls, sy hare 'n halwe sentimeter oor sy ore laat groei het, is hy daarvoor deur die ander ouere manne voor stok gekry. Hy is ure lank ondervra oor sy lojaliteit teenoor die organisasie en oor of hy steeds geglo het dat dit God se organisasie is.

Die Wagtoring-organisasie het 'n hele boekie opgestel met moets en moenies vir die lede se skoolgaande kinders met die titel *Die skool en Jehovah se Getuies* (WTBTS, 1983a). Hierin word gesê dat die kinders "geen deel van die wêreld" mag wees nie (WTBTS, 1983a:7), wat onder andere insluit dat hulle nie mag deelneem aan vlagseremonies en nie mag opstaan of saamsing by die sing van volks- en skoolliedere nie (WTBTS, 1983a:13-16). Daar mag nie deelgeneem word aan verkiesings of die

viering van verjaarsdae, Kersfees, Paasfees, Nuwejaarsdag en dies meer nie (WTBTS, 1983a:17-21). Verder word die kinders afgeraai om aan sport deel te neem, want hulle moet "nie loopbane as atlete nie, maar as bedienaars van God" volg (WTBTS, 1983a:23; vgl. ook *Wagtoring*, 01/09/1964:535).

Verder word gesê dat die "deelname aan georganiseerde sport jong Getuies aan ongesonde omgang sal blootstel" (WTBTS, 1983a:23). Kontak met kinders wat nie Jehovah-getuies is nie, moet tot die minimum beperk word, want hulle is per se "slegte geselskap" (WTBTS, 1983a:22). Selfs iets soos die deelname aan goedgekeurde skoolopvoerings moet om die rede liewers vermy word (WTBTS, 1983a:25). Ook mag die kinders nie enige godsdiensonderrig of selfs nie eers opening met Skriflesing en gebed bywoon nie (WTBTS, 1983a:26).

Dit is duidelik dat die Jehovah-getuies met al hierdie norme die omgewing en inligting van die kinders wil beheer (vgl. 3.5). Daarby moet selfs gesonde aktiwiteite soos sport en kulturele bedrywighede (vgl. Penton, 1988:274-279) buig voor die dwingende eis dat die kinders vir die organisasie moet werk en hulle vir hierdie werk moet voorberei.

Daar is nog heelwat ander sulke selfgemaakte reëls waarna verwys kan word. So was daar tye waarin Jehovah-getuies aangesê is om nie te trou en nie kinders te kry nie, omdat dit hulle kon verhinder om voort te gaan met die belangrikste opdrag van God volgens die organisasie, die verkondiging van die organisasie se idees (vgl. 3.3.3; 5.4.8; *Ontwaak!*, 08/11/1974:11; Penton, 1988:261-270). Dit is gedoen in weerwil daarvan dat 1 Timoteus 4:1-3 sê dat dit dwaalleraars is wat mense verbied om te trou. Jongmense is ook ten sterkste afgeraai om met verdere studie aan te gaan, en aangeraai om al hulle tyd te gee vir die werwing van nuwe lede vir die organisasie (vgl. 5.4.9; Penton, 1988:270-274).²⁶ Hierdie werwing het dan ook dié belangrikste norm geword waaraan lede gemeet word (Penton, 1988:102).

Nieteenstaande hierdie baie kasuïstiese reëls, vind al die onsedelikhede waarvan die Jehovah-getuies die wêreld beskuldig en wat hulle as rede aanvoer waarom hulle die wêreld wil vermy, steeds op groot skaal in hulle eie geledere plaas. Die volgende erkenning hiervan het in *Die Wagtoring* van 01/01/1986 (p. 13) verskyn: "Shocking as it is, even some who have been prominent in Jehovah's organization have succumbed to immoral practices, including homosexuality, wife swapping, and child molesting. It is to be noted, also, that during the past year, 36 638 individuals had to be disfellowshipped from the Christian congregation, the greater number of them for practicing immorality. Die 1980-Jaarboek van die Jehovah-getuies (WTBTS, 1979a:11) erken ook dat "materialism, pleasure-seeking and the gratifying of fleshly desires has been taking its toll. (For example, had it not been for disfellowshipping, the United States would have

seen an increase [in membership - HGS] of almost 3.5 percent instead of almost 1.5 percent.)" Dit help nie om mense slawe van duisende wette te probeer maak nie. Die genade van God in Christus Jesus moet in geloof aangeneem word (vgl. 2.7.3 & 7.5).

3.7.4 HEILIGHEID EN ONHEILIGHEID

Dit is duidelik as 'n mens Jehovah-getuie-publikasies lees dat die heilige meerderwaardigheid wat veral by ouer kultes gevind word (vgl. 2.7.4), ook 'n eienskap van die Jehovah-getuies is. Hierbo (3.5 & 3.7.3) is reeds daarop gewys dat Jehovah-getuies sosiale kontak met mense buite hulle groep moet vermy, want "slegte geselskap bederf goeie sedes" (WTBTS, 1983a:22). Tog kom dieselfde onsedelikheid wat wêreldse mense kenmerk ook onder die Jehovah-getuies voor (vgl. 3.7.3).

Kultes meet reg en verkeerd daaraan of 'n saak die groep en sy leerstellings bevorder of nie. Dit verbaas 'n mens dikwels om by 'n groep wat hulleself as so heilig en perfek voorstel 'n doel-heilig-die-middel-benadering te vind (vgl. 2.7.4). Dit is ook in verskeie opsigte by die Jehovah-getuies die geval.

'n Voorbeeld hiervan is dat die Jehovah-getuies dit as korrek en deel van teokratiese oorlogvoering beskryf om vir ander mense te lieg as dit tot voordeel van die organisasie is. Die *Wagtoring* van 01/05/1957 (p. 285) vertel van 'n Jehovah-getuie-vrou in 'n kommunistiese land wat toe sy gesoek is, van klere verwissel het en op navraag ontken het dat sy weet waar die persoon is waarna die owerheid soek. Daar word dan gesê dat aangesien sy dit ter wille van die organisasie gedoen het, dit nie 'n leuen is nie maar teokratiese oorlogvoering. Die *Wagtoring* van 01/06/1960 (p. 352) verklaar dat dit behoorlik is om die waarheid vir die vyande van God weg te steek.

Die leiers van die Wagtoring-organisasie gee egter nie net aan hulle lede die reg om die waarheid vir mense buite die organisasie weg te steek nie. Hulle maak self gebruik van talle onwaarhede in die publikasies wat hulle aan hulle lede gee om te lees. Op die vraag: "Is it true you have never published a biography of Pastor Russell?" antwoord die Wagtoring-organisasie (WTBTS, 1959:63): "That's right". Dit is egter nie waar nie, want in die heruitgawes van *The Divine Plan of the Ages* na Russell se dood het herhaaldelik biografieë van hom verskyn (WTBTS, 1923:1 e.v.). Die organisasie is dus bereid om nie net ander nie, maar ook sy eie lede 'n rat voor die oë te draai.

'n Verdere bewys hiervan is die wetenskaplike werke waarna die publikasies van die organisasie verwys en waarvan hulle voorgee dat die wetenskaplikes die standpunt van die organisasie onderskryf, terwyl dit nie die geval is nie. In hoofstuk 6 (vgl. 6.3) word verskeie sodanige verwysings in die Jehovah-getuies se boekie *Moet jy aan die Drie-*

eenheid glo? (WTBTS, 1989) bespreek. Telkens word aangetoon hoe mense wat nie met die standpunt van die Jehovah-getuies saamstem nie, verkeerd en buite konteks deur dié publikasie aangehaal word om dit te laat lyk asof hulle die organisasie se standpunt onderskryf. Soortgelyke wanvoorstellings word ook in 7.11.4 uitgewys, waar kenners se siening van die *New World Translation* bespreek word.

'n Ander voorbeeld van 'n doel-heilig-die-middel-benadering by die Jehovah-getuies is die diskrepansie tussen die hantering van sake in Mexiko en in Malawi. Twee van die "moenies" van die Jehovah-getuies is die deelname (of enige skyn daarvan) aan politiek en aan militêre diens (vgl. 7.10). In navolging van hierdie beleid het die leiers van die organisasie hulle lede in Malawi verbied om 'n partylidmaatskapkaart te koop waartoe die eenpartystaat van die land alle burgers verplig het. Die gevolg was dat die Jehovah-getuies in die land tussen 1964 en 1975 verskriklik vervolg is (Franz, 1991:112-113).

In Mexiko, 'n land waar die Jehovah-getuies wat getalle betref besonder sterk staan (meer as 335 000 verkondigers in 1991 - WTBTS, 1992:38), word Jehovah-getuies eger toegelaat om 'n sertifikaat (*Cartilla*) aan te skaf wat sê dat hulle 'n jaar militêre diens gedoen het. Hierdie sertifikaat word nie verkry deur wel die militêre diens te doen nie (dit is immers verbode vir Jehovah-getuies), maar deur militêre amptenare om te koop om hierdie sertifikaat aan hulle te gee. Hierdie optrede word deur die hoofkwartier van die Jehovah-getuies goedgekeur, met as motivering dat dit die Jehovah-getuies vry maak vir hulle "teokratiese aktiwiteite" in diens van die organisasie (Franz, 1991:117-123).

Terwyl Jehovah-getuies in een land verskriklike vervolging moet verduur omdat hulle die beleid van die organisasie uitvoer en nie die vereiste lidmaatskapkaart wettiglik aanskaf nie, word Jehovah-getuies in 'n ander land toegelaat om onwettiglik 'n bewys te bekom dat hulle iets soos militêre diens, wat deur die organisasie verbied word, wel gedoen het. Nie net is laasgenoemde 'n voorbeeld van 'n doel-heilig-die-middel-benadering nie, maar hierdie hele diskrepansie is 'n duidelike voorbeeld van dubbele standaarde wat deur die Wagtoring-organisasie toegepas word. Die Jehovah-getuies gee dus voor hulle is heilig (beter as ander mense). In werklikheid word hulle in terme van die Skrif gekenmerk deur onheiligheid.

3.7.5 GEVOLGTREKKING

Dit het in hierdie gedeelte duidelik geblyk dat die Wagtoring-organisasie self besluit wat reg en verkeerd is soos wat dit hom pas, en dit dan sanksioneer deur voor te gee dat dit opdragte van God is. Deur hulle outokratiese beheer oor die norme vir goed en kwaad onder die skyn van teokrasie (vgl. 3.9.3.3) en hulle honderde reëls oor middelmatige

sake, vertoon hierdie organisasie ook die tipiese eienskap van 'n kulte om die norme van hulle lede te beheer.

3.8 BEHEER OOR DIE GESKIEDENIS

3.8.1 INLEIDEND

Hoofstukke 4 en 5 gaan in diepte in op die geskiedenis van die Jehovah-getuies, sowel as op die wysigings wat hulle aangebring het in hulle weergawes daarvan (bv. ten opsigte van hulle profesieë). Hier word net kortliks stilgestaan by die vraag of die Wagtoring-organisasie ook aan die eienskap van 'n kulte voldoen deurdat hulle beheer uitoefen oor die lede se siening van hulle persoonlike geskiedenis sowel as die organisasie se geskiedenis (vgl. 2.8).

3.8.2 PERSOONLIKE GESKIEDENIS

Daar is reeds daarop gewys (vgl. 2.8.2) dat kulte lede se persoonlike geskiedenis gekleur word deur die wyse waarop die spesifieke kulte hulle daaroor laat dink. Omdat alles buite die groep negatief geskets word, bring dit lede daartoe om met 'n versteurde herinnering wat die verlede donker kleur daarna terug te kyk.

Dit is duidelik ook die geval by Jehovah-getuies. Die geskiedenis van die lede voordat hulle Jehovah-getuies geword het (veral hulle kerklike betrokkenheid), word baie donker geskilder. In *Die Wagtoring* en ander publikasies verskyn voortdurend getuigenisse van hoe sleg Jehovah-getuies daaraan toe was voordat hulle by die organisasie aangesluit het. Onder die opskrif *They Stopped Going to Church* word byvoorbeeld in *Die Wagtoring* van 01/11/1969 (pp. 670-671) vertel van 'n Suid-Afrikaanse vrou wat lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was. Sy en haar kinders het agtergekom dat hulle niks van die Bybel weet nie. Hulle het aktief in die kerk probeer luister, maar het geen geestelike voedsel gekry nie. Nadat hulle met die Jehovah-getuies in aanraking gekom het, het hulle vir die eerste keer die Bybelse waarhede geleer. Die opmerking word dan gemaak van hoe wys dit is om van sulke valse instellings af weg te vlug. Dit is duidelik dat die organisasie wil hê dat hulle lede moet glo dat hulle niks van die Bybel geweet het voordat hulle Jehovah-getuies geword het nie, en dat hulle tyd in die Christendom en sy kerke 'n tyd was waarin hulle geen geestelike kos ontvang het nie.

In 'n artikel in *Die Wagtoring* van 01/11/1985 (pp. 10-13) vertel 'n lid van die organisasie, Paul Smit, hoe hy ook weggebreek het van die valse Nederduitse Gereformeerde Kerk, hoe ongelukkig die leraars was en hoe hulle die Wagtoring-

organisasie van hulle preekstoele af aangeval het. Hy vertel dan hoe gesênd en gelukkig sy lewe as Jehovah-getuie is.

Soortgelyke artikels waarin vertel word van Jehovah-getuies in Suid-Afrika wat sê dat hulle geen antwoorde op hulle vrae kon vind in byvoorbeeld die Anglikaanse Kerk nie (Merlyn Mehl; *Wagtoring*, 01/07/1989:11), of in die Nederduitse Gereformeerde Kerk waar die mense buitendien tydens eredienste sit en slaap nie (P.J. Wentzel; *Wagtoring*, 01/07/1986:10), kom gereeld voor in uitgawes van *Die Wagtoring*. Hierteenoor word onder opskrifte soos *Joyful Days During Early Growth in South Africa* (*Wagtoring*, 01/08/1974:474) vertel watter wonderlike lewe hierdie mense as Jehovah-getuies het.

Op hierdie manier word Jehovah-getuies oortuig dat dit "in" is om te praat oor hoe sleg dit was voordat hulle Jehovah-getuies geword het, en hoe heerlik dit is om nou (slaafs) vir die Wagtoring-organisasie te werk.²⁷

Deur die lede se siening van hulle eie geskiedenis te beïnvloed, slaag die Wagtoring-organisasie daarin om Jehovah-getuies te oortuig om eerder by hulle te bly as om terug te gaan na die Christendom waaruit hulle dalk oorspronklik gekom het. *Die Wagtoring* van 15/01/1983 (p. 27) verklaar dat lede wat dinge in die organisasie wil bevraagteken dit nie moet doen nie, maar hulleself moet afvra by wie hulle in die eerste plek die Bybelse waarhede geleer het. Hulle moet besef dat hulle nie die weg van die waarheid sou geken het as dit nie vir die leiding van die organisasie was nie. Die Jehovah-getuies word dan vertel dat hulle nooit oor die weg sal kan kom sonder die leiding van die organisasie nie.

Terselfdertyd word die Christelike kerke aanhoudend in 'n slegte lig gestel, soos in 'n artikel wat in *Die Wagtoring* van 15/02/1988 (p. 21) verskyn het waarin vertel word dat die 134 gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die noorde van Transvaal gesamentlik 'n skuldlas van ongeveer 14 000 000 rand gehad het. Die Wagtoring-organisasie word dan met hulle gekontrasteer. In hulle publikasie *Babilon the Great Has Fallen* (WTBTS, 1963:497) word beweer dat daar 1400 godsdienstige sektes onder die swart mense van Suid-Afrika bestaan, en verklaar dat dit 'n bespotting maak van die Christelike eenheid wat Christus Sy dissipels geleer het. Daar word eger nagelaat om te sê dat die Jehovah-getuies ook maar net een van hierdie groepe is wat verdelend inwerk op die geheel.

3.8.3 DIE GROEP SE GESKIEDENIS

Daar word nie net gesorg dat die lede deur die bril van die Wagtoring-organisasie na hulle eie geskiedenis kyk nie. Die Wagtoring-organisasie kleur ook sy eie geskiedenis so

in, en verander selfs daaraan dat sy lede kan glo dat hulle werklik God se eie organisasie hier op aarde is. Hulle grootste probleem is hoe hulle die enigste ware kerk kan wees, terwyl hulle skaars 'n eeu oud is. Hulle kan ook nie werklik wys op voorgangers wat sedert die tyd van die Nuwe Testament dieselfde weg ingeslaan het as hulle nie. Soos alle godsdienstige kultes wat daarop aanspraak maak dat hulle die enigste ware godsdienstige groep is, moet hulle dan ook 'n sprong maak van die tyd van die Nuwe Testament (toe die apostels en die eerste lede van die kerk natuurlik volgens hulle geglo het wat hulle vandag leer) tot die ("her"-) stigting van hulle organisasie (vgl. 4.2).

Die Wagtoring van 15/01/1983 (p. 27) redeneer dat Jehovah nog altyd sy diensknegte op 'n georganiseerde manier gelei het. Soos daar in die eerste eeu net een ware Christen-organisasie was, so gebruik Jehovah vandag ook net een organisasie. Hieruit kan 'n mens die gevolgtrekking maak dat aangesien daar in die bykans 18 eeue tussenin volgens die Jehovah-getuies geen ware Christen-organisasie was nie, daar dus ook geen diensknegte van Jehovah, ofte wel ware Christene was nie.

Dit is heeltemal in lyn met wat *Die Wagtoring* van 15/06/1951 (p. 375) hieroor sê, naamlik dat Christene 'n teokratiese organisasie nodig het om die Bybel te verstaan. So 'n sigbare organisasie van God het volgens *Die Wagtoring* van 15/07/1960 (p. 435) in die eerste eeu bestaan onder die leiding van die apostels, en na al die eeue vandag weer, te wete die Wagtoring-organisasie.

Dat dit nie die waarheid is nie, behoort die leiers van die Wagtoring-organisasie self te besef. *Die Wagtoring* van 15/09/1983 haal selfs Paul Johnson se boek *A History of Christianity* aan waarin hy die volgende stelling maak: "Christianity began in confusion . . ." ²⁸ Watters (1983:4-5) wys daarop dat die Wagtoring-leiers nie kon aanvaar dat daar verwarring was nie, omdat hulle hulle mense leer dat die vroeë Christendom net so georganiseerd en dominerend was soos hulleself. Daarom voeg die uitgawe van *Die Wagtoring* 'n woord in hakies by wat die hele betekenis van die aanhaling verander: "[Apostate] Christianity began in confusion . . ."

Watters (1983:4-5) toon aan dat daar geen historiese bewyse is dat die vroeë Christelike gemeentes eers naasteby gelyk het soos dié van die Jehovah-getuies van vandag nie. Om die waarheid te sê, daar is groot ooreenstemming tussen die vroegste Christelike kerke en die Christendom vandag ten opsigte van hulle gebrek aan eenheid en interne probleme, soos dieselfde Johnson duidelik uitwys in sy boek (p. 44, soos aangehaal deur Watters): "The followers of Jesus were divided right from the start on elements of faith and practice . . . The atmosphere of the early church, in short, was that of a loosely organized revivalist movement."

Die Wagtoring-organisasie is so oortuig dat die Godvresende Bybelfigure almal as Jehovah-getuies beskou behoort te word, dat hulle in 1929 'n huis, *Beth-Sarim*, aangeskaf het vir Abraham, Isak, Jakob, en die ander Ou-Testamentiese gelowiges van wie sprake is in Hebreërs 11, sodat hulle daarin kon gaan bly met hulle terugkeer na die aarde wat sedert 1925 enige oomblik kon wees (vgl. 5.4.7).

3.8.4 PROFESIE

Penton (1988:106) wys daarop dat die Wagtoring-leiers daarop uit is om 'n geïdealiseerde beeld van die geskiedenis van die Jehovah-getuies te gee deur die verdoeseling en verdraaiing van baie negatiewe historiese feite ten opsigte van die organisasie. Hoewel Russell byvoorbeeld geglo het dat 1914 die einde van die huidige wêreld sou bring, laat die organisasie dit vandag klink asof hy voorspel het dat hierdie datum die begin van die "laaste dae" sou wees (vgl. 5.4.5).

Wat die organisasie ook probeer stilhou vir die lede, is dat die organisasie vir amper die helfte van sy bestaan amptelik verkondig het dat die laaste dae nie in 1914 aangebreek het nie, maar wel in 1874 (vgl. 5.4.4). Die datum 1914 was buitendien nie vir Russell wat dit sogenaamd sou geprofeteer het so belangrik nie, want toe sy voorspellings daarvoor nie uitgekóm het nie, is dit verskuif na 1915 (vgl. 5.4.6).

Die Wagtoring-organisasie is bereid om verkeerde profesieë uit die verlede te probeer regdokter. So stel die uitgawe van die organisasie se boek *The Time is at Hand* voor 1914 dat 1914 "will be the farthest limit of the rule of imperfect men" (WTBTS, 1910:77), terwyl dié profesie in die uitgawe van 1915 verander is om te lees dat 1914 "will see the disintegration of the rule of imperfect men" (WTBTS, 1915a:77). Ander wesenlike veranderings op die bladsy alleen is dat oorspronklik gesê is dat die laaste lid van die liggaam van Christus in die heerlikheid met Christus sou wees voor die einde van 1914, terwyl die latere uitgawe die tyd aangee as voor die einde van die omverwerping (vgl. 5.4.5).

Selfs in 1989 is nog aan 'n nuwe voorspelling gepeuter. *Die Wagtoring* van 01/01/1989 (p. 12) het voorspel dat die werk wat die Jehovah-getuies moes kom doen, afgehandel sou wees voor die einde van hierdie eeu. Waarskynlik omdat die organisasie daarop gewys is dat daar alweer 'n voorspelling gemaak is wat dalk nie sal uitkom nie, is bogenoemde voorspelling verander en in die gebinde uitgawe van die jaar se *Wagtoring*s aangegee as sou die organisasie bloot gesê het dat die verkondigingswerk "in our day" voltooi sal word (vgl. 5.4.10).

Watters (1987a:31-32) wys ook daarop dat die Wagtoring-organisasie sy eie geskiedenis herskryf. Hy wys as voorbeeld op die duidelike voorspellings wat in verband met 1975 gemaak is, maar na die tyd ontken is (vgl. 5.4.9).

3.8.5 GEVOLGTREKKING

Deur die bril wat die Wagtoring-organisasie sy lede laat opsit wanneer elkeen na sy eie geskiedenis kyk, verstewig die organisasie sy houvas op sy lede. Deur die beheer en verandering van die organisasie se geskiedenis, plooi die Jehovah-getuies dinge dat dit kan lyk asof hulle regtig God se organisasie is. Ook hierin is die Jehovah-getuies tipies kultaries (vgl. 2.8).

3.9 "BEHEER" OOR GOD

3.9.1 INLEIDEND

Daar is reeds daarop gewys dat kultes God vir hulleself opeis (vgl. 2.9). Dit wat die leiers sê, word voorgedra asof dit van God kom. In hierdie onderafdeling word ingegaan op die vraag of die Jehovah-getuies ook hierdie eienskap van 'n kultuur vertoon.

3.9.2 GOD SE ORGANISASIE

Kultes leer dat God in beheer van hulle organisasie is, dat dit *God se organisasie* is en dat die lede eerbied vir die organisasie moet hê, want God verwesenlik deur hierdie organisasie Sy doel op aarde (vgl. 2.9.2). Die Jehovah-getuies is hierin geen uitsondering nie.

In *Die Wagtoring* van 01/07/1991 word sterk te velde getrek teen die Rooms-Katolieke verering van die maagd Maria, onder die volgende titel op die voorblad: *The Mother-Goddess is Still Worshipped!* Hierdie verering hou volgens *Die Wagtoring* verband met die antieke heidense aanbidding van Istar, Isis, Astarot en Artemis.

Wat *Die Wagtoring* egter nalaat om te sê, is dat die Jehovah-getuies ook 'n *goddelike moeder* het wat hulle vereer en blindelings moet volg, naamlik die Wagtoring-organisasie. Hierdie "*moeder-organisasie*" word in werklikheid net so hoog aangeslaan as "*ons hemelse Vader, Jehovah God*". *Die Wagtoring* van 01/05/1957 (pp. 282-285) waarsku lede byvoorbeeld dat hulle dit wat "*God se organisasie*" sy lede leer deur die kolomme van *Die Wagtoring* moet uitvoer, anders respekteer hulle nie hulle *moeder* en haar onderrig of wette nie. Absolute gehoorsaamheid aan die moeder word vereis, want: "Not

one of Jehovah's witnesses would deliberately insult either our heavenly *Father* or his *motherly* organization, would he?" (My kursivering - HGS.)

God en die organisasie word so absoluut op dieselfde vlak gestel, dat hierdie *Wagtoring* (01/05/1957:282-285) "our heavenly *Father*" en "his loving, *motherly* organization" as "such worthy *parents*" beskryf. Die "*moederlike* organisasie" van die Jehovah-getuies word dan in stryd met die eerste gebod van die Tien Gebooe deur *Die Wagtoring* met *goddelike eerbied* besing: "And when we see the great *motherly* organization of God arrayed with the heavenly light of truth and righteousness, walking in the pathway of divine light, with perfect organizational light brightening and adorning her mind, how happily we can exclaim: 'This *woman* is the *spouse* of the universal king . . . ' . . . show our *respect* for Jehovah's organization, for she is our *mother* and the beloved *wife* or our *heavenly Father*, Jehovah God." (My kursivering - HGS.)

Die Jehovah-getuie-gesin het egter een groot probleem - die afwesigheid van die Vader! Dieselfde *Wagtoring* (p. 274) verklaar dat lede net die waarheid kan besit as hulle sowel "Jehovah God as ons *vader*" en "sy organisasie as ons *moeder*" erken. In effek beteken dit egter dat 'n mens net na die "*moeder*" moet luister, omdat jy nie die Bybel as Woord van die "*Vader*" kan verstaan sonder die interpretasie en verduideliking wat die "*moeder*" daaraan gee nie (vgl. 3.11).

Die Wagtoring van 15/06/1951 (p. 375) verklaar dan ook dat Jehovah God nie met individue werk nie, maar slegs met die organisasie en diegene daarin. Op die manier sorg die *Wagtoring*-organisasie dat hy nie net goddelike respek by sy lede afdwing nie, maar ook absolute gehoorsaamheid soos alleen aan God toekom.

God beheer dus nie die *Wagtoring*-organisasie nie, maar die organisasie beheer "God" (vgl. 2.9.2). Hulle skep vir hulle 'n god soos hulle dit wil en laat hom sê wat hulle wil. Reeds in 1922 het *Die Wagtoring* (01/05/1922:132) gesê dat 'n mens niks van God se beplanning kan weet as jy dit nie deur Russell se organisasie te wete gekom het nie. Daar word dan bygevoeg dat Russell die Here se dienskneg was. As 'n mens van hom verskil, sou dit daarop neerkom dat jy met die Here verskil.

Vandag beklee die *Wagtoring*-organisasie hierdie heersersposisie, deurdat hulle die goddelike gesag wat Russell vir homself as persoon toegeëien het van hom oorgeneem en op die organisasie oorgedra het. Alles wat die *Wagtoring*-organisasie leer, word weergegee asof dit van God kom en hulle bloot vir Hom as medium, kanaal of spreekhuis dien. Dit wat Brooklyn dus uitdink en in *Die Wagtoring* en ander publikasies skryf, word aan God toegedig.

3.9.3 GOD SE KOMMUNIKASIEKANAAL

3.9.3.1 Spreekbuis van God

In 2.9.3 is daarop gewys dat dit 'n belangrike eienskap van godsdienstige kultes is dat hulle hulleself beskryf as God se eksklusiewe kanaal met hierdie wêreld. Ook hierin is die Jehovah-getuies geen uitsondering nie. *Die Wagtoring* van 01/12/1933 (p. 364) maak die stelling dat as dit vir lede moeilik is om die opdragte van die organisasie te gehoorsaam, daar iets ernstig skort met hulle verhouding met God, want die opdragte kom eintlik van Hom af. God maak van engele gebruik om Sy opdragte aan die organisasie oor te dra. Die organisasie publiseer hierdie woorde van God in hulle geskrifte. Dit volg dan ook logies (soos *Die Wagtoring* van 15/08/1934:249 duidelik sê) dat om *Die Wagtoring* te bevraagteken neerkom op rebellering teen God.

Die organisasie se boek *Riches* (WTBTS, 1936:316) sê dat hoewel die mense wat *Die Wagtoring* skryf nie geïnspireerd is nie, die inligting wat in *Die Wagtoring* verskyn wel dit is wat die Here aan Sy volgelinge wil deurgee. God sien daarom toe dat dit wat daarin geprofeteer word uitkom. Dit is egter 'n anomalie om aan die een kant te beweer dat dit wat in *Die Wagtoring* gepubliseer word van die Here af kom, maar aan die ander kant te ontken dat die skrywers wat dit geskryf het deur God geïnspireer is.

Dat die organisasie wel die skrywers van *Die Wagtoring* as deur God geïnspireerd sien (al ontken hulle dit), blyk uit hulle boek *Preparation* (WTBTS, 1933:36-37, 64). Hierin word geleer dat die Here deur Sy engele die informasie in die verstande van die skrywers plaas. Hierby aansluitend sê *Die Wagtoring* van 01/07/1943 (p. 203) self dat die interpretasie van die Skrif en profesieë wat daarin verskyn nie die werk van mense is nie, maar dat dit opgestel is deur die hoogste (hemelse) hof onder leiding van Christus Jesus self.

'n Soortgelyke standpunt vind 'n mens in *Die Wagtoring* van 01/05/1938 (p. 143) waarin beweer word dat die verskillende publikasies van die Wagtoring-organisasie die ware boodskap van die almagtige God, Jehovah, self bevat. Dit is deur Jesus en Sy onderoffisiere deurgegee aan die Wagtoring-organisasie vir publikasie. Weereens word beklemtoon dat die profetiese interpretasies in hierdie publikasies beslis nie van mense afkomstig is nie, maar van Jehovah. Die versekering word ook gegee dat Jehovah sal sorg dat alles wat daarin geskryf staan wel sal gebeur.

As dit wat die Jehovah-getuies publiseer werklik van die almagtige God afkomstig is, sou 'n mens verwag dat alles wat daarin gesê word net so sou gebeur. Die waarheid is egter dat geen van die profesieë wat in die publikasies van die Wagtoring-organisasie verskyn het al uitgekom het nie (vgl. 5.4). By implikasie sê die Jehovah-getuies dus dat dit God is wat hierdie foute gemaak het. Dit kan nie anders as godslasterlik beskryf word as 'n mens God vir jou leuens verantwoordelik hou nie.

Die Wagtoring-organisasie erken in die boek *Light* (WTBTS, 1930a:194) wel dat *Die Wagtoring* en ander publikasies van die organisasie vir 40 jaar beklemtoon het dat God se koninkryk in 1914 opgerig sou word en die verheerliking van die kerk dan sou plaasvind. Daar word dan gesê dat hierdie profesieë ten opsigte van 1914 nie vervul is nie. Deur in ander publikasies voor te gee dat die gegewens in die organisasie se publikasies van God afkomstig is, maak die organisasie God dus die leuenaar.

Na die erkenning van die foute wat in die publikasies gemaak is, het die Jehovah-getuies egter nie opgehou om voor te gee dat die inhoud van hulle publikasies hulle oorsprong by God het nie. Daar word steeds voorgehou dat dit wat die bestuursliggaam laat publiseer niks anders as die "stem van God" self is nie. So beweer *Die Wagtoring* van 15/06/1957 (p. 370) onder die opskrif *Jehovah's Channel of Communication* dat die "goeie en getroue slaaf"-klas sedert 1919 deur God aangestel is om Sy Woord bekend te maak. Hierdie "stem van God" moet absoluut gehoorsaam word.

Sedert daardie tyd hou die publikasies van die Jehovah-getuies steeds vol dat dit wat die organisasie leer en publiseer van God afkomstig is:

- * *Die Wagtoring* van 15/07/1960 (p. 439) leer dat die "getroue slaaf"-klas die wil van God soos dit van Sy troon in die hemel kom sedert 1919 onophoudelik deur hulle stroom van publikasies bekendmaak aan Sy volgelinge hier op aarde.
- * *Die Wagtoring* van 15/12/1972 (p. 755) verklaar dat 'n mens net aan God gehoorsaam is as jy jou onderwerp aan die bestuursliggaam van die Wagtoring-organisasie.
- * *Die Wagtoring* van 15/02/1976 (p. 124) sê dat ongehoorsaamheid aan enigiets wat die organisasie leer, neerkom op die verwerping van God se heerskappy.
- * *Die Wagtoring* van 01/10/1978 (p. 591) beweer dat iemand wat God se kommunikasiekanaal verwerp, Hom nie liefhet nie.

Hoewel dus aan die een kant erken word dat daar foute gemaak is in die verlede, word steeds volgehou dat dit wat die organisasie sê direk van God afkomstig is.


3.9.3.3 Teokrasie vermom outokrasie

Die Wagtoring-organisasie verwys graag na homself as 'n "teokrasie" (dit wil sê 'n regering deur God). Diegene wat hulle nie aan die teokratiese regering van die organisasie wil onderwerp nie, is volgens *Die Wagtoring* van 01/06/1982 (p. 17) mense wat deur Satan daartoe verlei is. Deur hierdie aanspraak regverdig die leiers die feit dat hulle alles van bo af reël, terwyl die lede geen sê het nie (vgl. WTBTs, 1982:195).

Die Wagtoring van 15/12/1981 (p. 754) beklemtoon ook dat hierdie organisasie 'n teokratiese organisasie is wat van die goddelike bopunt af na onder regeer word, en nie uit die geledere van sy lede na bo nie. Skematies gee *Die Wagtoring* van 01/01/1977 (p. 16) die Wagtoring-organisasie se teokratiese bestuur soos volg weer:

JEHOVAH GOD
Jesus Christus

"Goeie en getroue slaaf"-klas - Matt. 24:45-47
Bestuursliggaam



Hierdie voorstelling dat die inhoud van *Die Wagtoring* en ander publikasies van die Jehovah-getuies direk van God kom, is ook in die praktyk ver van die waarheid verwyder. Watters (1985:2) vertel waar die artikels werklik vandaan kom. Dit is die taak van die kringopsieners om die Diensdepartement op hoogte te hou van probleme wat in die veld ontstaan. Hierdie probleme word dan deurgegee aan die bestuursliggaam, wat op hulle beurt een van die skrywers in Brooklyn aanwys om 'n artikel daaroor te skryf. Die deursnee Jehovah-getuie beskou dit wat hy lees dan as "geestelike kos" wat van bo kom (God deur die bestuursliggaam as verteenwoordiger van die "getroue en verstandige slaaf"),²⁹ spesiaal vir sy of haar situasie (*Wagtoring*, 01/02/1985:21).

Interessant genoeg het die eerste president, Russell, daarop aanspraak gemaak dat hy self die "getroue en verstandige dienskneg" was wat God gestuur het om as "kanaal of instrument" te dien waardeur Hy Sy boodskappe na die mense op aarde kon stuur (*Wagtoring*, 01/03/1923:68; vgl. ook 4.3.5). Die *Wagtoring* van 15/09/1922 (p. 279) stel duidelik dat Russell die spreekbuis van God was, en dat enigeen wat sê dat hy die waarheid geleer het sonder die werke van Russell, 'n leuenaar is. Daar word ook gesê dat Satan die Here se mense wil mislei om te glo dat Russell nie die enigste kanaal van God na Sy mense was nie. Russell het dus, selfs na sy dood, nog 'n geweldige invloed op die lede van die Wagtoring-organisasie uitgeoefen.

Ook Rutherford en Knorr, die tweede en derde presidente, het die finale sê gehad oor die beleid van die organisasie en oor wat gepubliseer is (vgl. 4.4 & 4.5). In die laaste tyd het die bestuursliggaam hierdie finale sê by die presidente oorgeneem (vgl. 4.6).

Dit is duidelik dat die organisasie se leiers 'n beslissende rol speel in wat as die Goddelike waarheid in die Wagtoring-organisasie se publikasies verskyn. Hulle sienings word aan die lede deurgegee asof dit Goddelike gesag dra. So beheer hulle en hulle medewerkers "God" vir hulle navolgers. Die organisasie word nie teokraties deur God bestuur nie, maar outokraties deur mense wat voorgee dat hulle dit in die Naam van God doen.

3.9.3.4 "Nuwe lig"

Die leiers in Brooklyn sit egter met 'n groot probleem. Terwyl hulle voorgee dat hulle net dit publiseer wat God deur Christus aan hulle openbaar het en dit dus onfeilbaar is (*Wagtoring*, 01/06/1985:20), moes hulle aan bykans elkeen van hulle leerstellings en profesieë (dikwels direk teenstrydige) veranderings aanbring (vgl. hfste. 5 tot 7). Oor so 'n klein dingetjie soos of die mense van Sodom weer uit die dood sal opstaan of nie, het die Wagtoring-organisasie al sewe keer van standpunt verander (Reed, 1990a:116).

Om by die probleem verby te kom, beskryf die organisasie elke verandering as "nuwe lig" wat van God ontvang is (vgl. 3.6.2). Dit kan egter, selfs vir die lojaalste Jehovah-getuie, nie verklaar waarom daar so heen en weer gesprong word met leerstellings nie. Om dit te verduidelik, erken *Die Wagtoring* van 01/12/1981 (p. 27) dat dit lyk of die organisasie wysigings moes aanbring in sy leerstellings. Tog sê hulle dat dit nie op teenstrydighede dui nie, maar niks anders is as die manewer van 'n seilskip nie. Hoewel die skip heeltyd links en regs, agtertoe en vorentoe beweeg, vorder dit tog in die rigting waarin dit wil gaan. So vorder die diensknegte van Jehovah (heen en weer, maar altyd vorentoe) in die rigting van die "nuwe hemel en 'n nuwe aarde".

As 'n mens egter sien hoe die organisasie homself telkens weerspreek (vgl. 5.5), lyk dit glad nie of daar enigsins in 'n rigting gevorder word nie. Die ergste is egter dat hierdie heen-en-weer-bewegings aan die leiding van die onfeilbare God toegeskryf word. So stel *Die Wagtoring* van 01/07/1973 (p. 402) dat Jehovah se organisasie op die hele aarde gelei word alleenlik deur "God se heilige gees of handelende krag".

3.9.4 GEVOLGTREKKING

Dit bly hartseer dat daar miljoene Jehovah-getuies is wat glo dat hulle besig is om soveel van hulle tyd en energie te stort in die uitdra van God se evangelie, terwyl hulle met niks anders besig is nie as die verkondiging van 'n organisasie wat homself in die plek van God stel en voorgee dat hy God se spreekhuis is (vgl. 2 Tess. 2:4). Dit is duidelik dat die eienskap van 'n kulte om God vir sy lede te "beheer" die Jehovah-getuies soos 'n handskoen pas. Die jammerte is dat die lede hulle verlossing afhanklik maak van 'n groepie mense wat hulleself in die plek van God stel en terselfdertyd voorgee dat hulle optrede en idees Goddelike sanksionering geniet.

3.10 BEHEER OOR VERLOSSING

3.10.1 INLEIDEND

Een van die mees prominente eienskappe van kultes is dat hulle verkondig dat hulle die ewige verlossing van hulle lede (en eintlik van die hele wêreld) beheer (vgl. 2.10). In hierdie onderafdeling word gekyk of die Jehovah-getuies dit ook doen.

3.10.2 VERLOSSING DEUR LIDMAATSKAP

Om mense deur hulle verlossing te beheer, leer kultes dat dit 'n voorvereiste vir saligheid is om aan die spesifieke groep te behoort en volgens die reëls van die groep op te tree (vgl. 2.10.2).

Die Jehovah-getuies leer ook dat lidmaatskap van hulle organisasie 'n voorvereiste vir verlossing is. In 'n hoofstuk met die titel *Wat jy moet doen om vir ewig te lewe* (WTBTS, 1982:250-255), word dit pertinent so gestel: "Moenie dink dat daar verskillende paaie of weë is wat jy kan bewandel om lewe in God se nuwe stelsel te verkry nie. Daar is slegs een. Daar was net die een ark wat deur die Vloed behoue gebly het, nie 'n aantal bote nie. En net een organisasie - God se sigbare organisasie - sal die vinnig naderende 'groot

verdrukking' oorlewe. . . . Jy moet deel van Jehovah se organisasie wees en God se wil doen om die ewige lewe te ontvang."

Dit is dus duidelik dat die Jehovah-getuies op tipies kultariese wyse die verlossing van mense afhanklik daarvan maak of hulle aan die Wagtoring-organisasie behoort of nie (vgl. 7.5.2.2).

3.10.3 VERLOSSING DEUR WERKE

Die idee dat verlossing net by die betrokke kulte te vinde is, gee aanleiding tot 'n sisteem van werkheiligheid by die kultes, waar kindskap van God afhanklik gemaak word daarvan of die persoon die wil van die organisasie doen of nie (vgl. 2.10.3).

Hierbo (3.10.2) is reeds daarop gewys dat die Jehovah-getuies die mens se ewige lewe afhanklik daarvan maak of hy "God se wil doen" (WTBTS, 1982:255). Wat die sogenaamde wil van God is waaraan die persoon moet voldoen, word (tipies kultaries) deur die organisasie bepaal (vgl. 3.7). Die *Wagtoring* van 15/02/1983 (pp. 12-13) stel dit byvoorbeeld as 'n vereiste om die ewige lewe te ontvang dat 'n mens "getrou God se koninkryksregering" (dit wil sê die Wagtoring-organisasie; vgl. 3.9) aan ander verkondig. Die *Wagtoring* van 01/07/1984 (p. 6) wys lede daarop dat hulle "hard moet werk om hierdie seëninge te ontvang" (vgl. ook 7.5.2.2 & 7.5.2.3).

Die Jehovah-getuies toon dus ook die eienskap van 'n kulte dat 'n mens se verlossing afhanklik daarvan gemaak word of jy die werke wat die organisasie aan jou opdra, uitvoer of nie (vgl. verder 7.5.2 & 7.5.3).

3.10.4 VERLOSSING DEUR SKULDBELYDENIS

By die Jehovah-getuies kry 'n mens klaarblyklik nie die sterk klem op skuldbelydenis soos by baie van die ander kultes nie (vgl. 2.10.4). Die lede verswyg eerder hulle ware gevoelens uit vrees daarvoor dat dit oorgedra kan word aan die ouere manne (vgl. 3.4.5).

Wat wel by die Jehovah-getuies gevind word, is die immerteenwoordige swaard wat oor hulle koppe hang dat hulle dalk nie geskik gevind sal word vir die ewige lewe nie. Hulle word geleer dat Christus nie hulle Middelaar is nie, maar net die Middelaar van die 144 000. Hulle optrede teenoor die 144 000 sal bepaal of hulle die ewige lewe beërwe (vgl. 7.5.3). Hulle word boonop geleer om altyd bekommerd te wees oor hulle saligheid (vgl. 7.5.4). Op die vraag: "Is jy gered?" moet hulle antwoord: "Tot op hede, ja. Ek sê dit omdat ek ook bewus is van die Bybel se raad dat ons nie oorgerus moet wees nie" (WTBTS, 1985a:347).

3.10.5 GEVOLGTREKKING

Die Jehovah-getuies voldoen baie duidelik aan die belangrike eienskap van kultes dat hulle voorgee om die beheer oor die verlossing van die mensdom in hulle hande te hê. Die lede glo dat die ewige verlossing en saligheid wat hulle begeer slegs deur middel van hierdie "veilige ark", die Wagtoring-organisasie, verkry kan word. Hierdie siening lei daartoe dat hulle heeltemal ondergeskik stel aan die leiers en bereid is om hard te werk in diens van die organisasie. Deur sy lede se ewige verlossing te beheer, beheer die Wagtoring-organisasie dus ook hulle aardse lewens.

3.11 BEHEER OOR SKRIFINTERPRETASIE

3.11.1 INLEIDEND

Kultes maak graag van die Bybel gebruik om gesag aan hulle leerstellings te gee. Hulle wil nie werklik die Bybel self laat spreek nie, maar hulle wil die Bybel so gebruik dat dit klink asof dit hulle leer bevestig (vgl. 2.11). Om dit reg te kry, verskil hulle interpretasie van sekere sleutelgedeeltes in die Bybel drasties van die gewone verklaring daarvan. In hierdie gedeelte word gekyk of die Jehovah-getuies ook hierdie eienskap van 'n kulte vertoon.

3.11.2 BUIITE-BYBELSE OPENBARING

Kultes maak aanspraak op buite-Bybelse openbaringe, dit wil sê dat God buite die Bybel om met hulle praat en aan hulle sekere dinge openbaar (vgl. 2.11.2). Soos reeds gesien, maak die Jehovah-getuies ook daarop aanspraak, naamlik dat hulle organisasie God se kommunikasiekanaal met die mensdom is, en dat dit wat hulle publiseer eintlik van God kom (vgl. 3.9.3).

Daar is uitsprake van twee van die presidente van die Wagtoring-organisasie wat duidelik toon dat die organisasie dieselfde gesag aan *Die Wagtoring* verleen as aan die Bybel. In 'n hofsak in Skotland (1943:866) het die latere president van die organisasie, F.W. Franz verklaar dat Jehovah God van die heel eerste uitgawe van *Die Wagtoring* af, die Redakteur en Begeleier daarvan was.³⁰ In dieselfde hofsak (Skotland, 1943:1474) beweer die destydse president van die organisasie, N.H. Knorr, dat *Die Wagtoring* "God se Woord" is, en dit "sonder enige moontlike kwalifikasie".

Soos wat verwag kan word, mag lede nie die geskrifte van die Wagtoring-organisasie bevrage nie, omdat dit sogenaamd openbaring van God is. *Die Wagtoring* van 15/02/1981 (p. 19) sê dat aangesien die organisasie se publikasies die instrumente is wat God gebruik om geestelike kos aan Sy mense te verskaf, "surely Jehovah is not pleased if we receive that food as though it might contain something harmful. We should have confidence in the channel God is using".

Tereg sê Bowman (1991:40) dat hoewel die Jehovah-getuies daarop aanspraak maak dat hulle dit wat hulle leer op die Bybel baseer, hulle hoogste gesag hulle bestuursliggaam is. Hierdie leiers wat die hele organisasie beheer, dikteer deur die organisasie se publikasies aan hulle volgeling presies wat hulle moet glo. Teenoor die reformatoriese Christendom vir wie die Bybel die hoogste gesag is waaraan hulle alles wil meet, lê die finale besluit en hoogste gesag vir die Jehovah-getuies by hulle bestuursliggaam. Niks wat die Bybel sê, mag gebruik word om hulle te bevrage nie (vgl. 3.2).

3.11.3 BUIITE-BYBELSE VERKLARING

3.11.3.1 Inleidend

Die leiers van die Jehovah-getuies se aanspraak op goddelike gesag, maak dat hulle enige interpretasie wat hulle pas aan Skrifgegewens kan gee en dat dit net so deur die lede aanvaar moet word (Magnani, 1983:30). Hulle hoef hulle nie aan eksegetiese of hermeneutiese reëls te hou nie. So word die Bybel tot dienskneg van die organisasie gemaak.

3.11.3.2 Slegs die organisasie se interpretasie

Vanweë die leiers se aanspraak op goddelike gesag, is dit nie 'n verrassing dat individuele Jehovah-getuies deur hulle organisasie verbied word om selfdenkend met die Bybel om te gaan of die Bybel self tot hulle te laat spreek nie (vgl. Magnani, 1987a:30-31). Hulle word gewaarsku dat dit daartoe sal lei dat hulle weer sal glo in die leerstellings van die Christendom. So 'n waarskuwing vind 'n mens byvoorbeeld in *Die Wagtoring* van 15/08/1981 (pp. 28-29): "They say that it is sufficient to read the Bible exclusively, either alone or in small groups at home. But, strangely, through such 'Bible reading', they have reverted right back to the apostate doctrines that commentaries by Christendom's clergy were teaching 100 years ago." Dit is niks minder nie as 'n openlike erkenning dat deur na die Bybel self te luister, 'n mens nie by die leer van die Jehovah-

getuies uitkom nie, maar dat selfs mense geskool in daardie leer by die leerstellings van die Christendom uitkom as hulle die Bybel alleen bestudeer.

Selfs Russell het al hierdie "erkenning" gemaak dat die Wagtoring-organisasie se interpretasie van die Skrif verskil van dit wat die Skrif self leer. In *Die Wagtoring* van 15/09/1910 (p. 298) skryf hy dat 'n mens sy reeks *Studies in the Scriptures* nodig het as jy die Bybel wil verstaan. Deur net die Bybel te lees, kan jy nie anders as om by die leerstellings van die Christendom uit te kom nie: "Furthermore, not only do we find that people cannot see the Divine Plan in studying the Bible by itself, but we do see, also, that if anyone lays the SCRIPTURE STUDIES aside, even after he has used them, after he has become familiar with them, after he has read them for ten years - if he then lays them aside and ignores them and goes to the Bible alone, though he has understood his Bible for ten years, our experience shows that within two years he goes into darkness."

Russell verklaar dan verder dat dit eintlik nie eers nodig is om die Bybel te lees nie (*Wagtoring*, 15/09/1910:298): "On the other hand, if he had merely read the SCRIPTURE STUDIES with their references, and had not read a page of the Bible, as such, he would be in the light at the end of the two years, because he would have the light of the Scriptures."

Hoewel aan die een kant voorgegee word dat die Jehovah-getuies werklik die Bybel bestudeer, is die waarheid dat hulle net na die Bybel mag kyk deur die bril van die Wagtoring-publikasies. So stel *Die Wagtoring* van 01/05/1957 (pp. 274, 284) dat God nie die Bybel gegee het dat 'n mens dit op jou eie kan lees en oordink nie. Die Bybel moet gelees word vanuit die lig wat die organisasie daarop werp, want terwyl Jehovah God die *Vader* van die Jehovah-getuies is, moet hulle onthou dat die Wagtoring-organisasie hulle *Moeder* is (vgl. 3.9.2). Dit wat die *Moeder* leer is reg, want die gegewens kom van haar Man. Daarom mag haar interpretasie nie gekritiseer of daarmee foutgevind word nie. Enige denke wat verskil van hare is vals.

Die Wagtoring van 01/12/1990 (p. 19) leer Jehovah-getuies ook dat hulle die interpretasie van hulle organisasie nodig het om die Bybel te verstaan. As motivering word aangevoer dat hulle nooit die waarheid sou geken het sonder die organisasie nie, al het hulle ook hoeveel tyd aan die lees van die Bybel bestee.

Jehovah-getuies se absolute oorgawe aan die interpretasie wat hulle bestuursliggaam van die Bybel gee in teenstelling met wat die Bybel self oor 'n saak sê, blyk duidelik uit 'n gesprek wat Reed (1990b:109-110) met 'n Jehovah-getuie gevoer het. Die gesprek het gegaan oor die Jehovah-getuies se leerstelling dat die *groot menigte* waarvan in Openbaring gepraat word, dui op die gewone Jehovah-getuies wat almal die aarde gaan

beërwe en dus geen hoop het om ooit hemel toe te gaan nie (vgl. 7.7). Toe Reed haar daarop wys dat die *groot menigte* genoem in Openbaring 7:15 voor die troon van God in die hemel staan, gee sy die organisasie se antwoord hierop, naamlik dat dit beteken dat hulle in sig van die troon is, maar steeds op aarde. Reed wys haar toe daarop dat die teendeel uit die konteks blyk. Hy laat haar Openbaring 19:1 lees, die enigste ander plek waar van die *groot menigte* gepraat word en waar pertinent gesê word dat hulle in die hemel is. Die gesprek wat toe gevolg het, is tipies van die soort houvas wat die Wagtoring-organisasie op sy lede het:

"Reed: Waar is die *groot menigte*?

Vrou: Die *groot menigte* is op die aarde.

Reed: Is dit wat die vers sê?

Vrou: Dit sê in die hemel, maar die *groot menigte* is op die aarde.

Reed: Hoe kan jy sê die *groot menigte* is op die aarde, as die Bybel baie duidelik sê "'n groot menigte in die hemel"?

Vrou: Jy verstaan nie. Ons het manne by ons hoofkwartier in Brooklyn, New York, wat die Bybel vir ons verklaar. Hulle kan bewys dat die *groot menigte* op die aarde is. Ek kan dit maar net nie so goed verduidelik nie."

Dat 'n gesoute Jehovah-getuie dit anders sou probeer verduidelik het, is nou nie hier ter sprake nie (vgl. 7.7.2). Wat hierdie gesprek duidelik illustreer, is dat 'n Jehovah-getuie se denke so onder die invloed van die organisasie is, dat hy na die woord *hemel* in die Bybel kan kyk en in plaas daarvan *aarde* sien - net omdat die organisasie so sê.

Wat ook duidelik hieruit blyk, is die tendens wat elke persoon wat die evangelie aan Jehovah-getuies probeer bring seker al ervaar het, naamlik dat 'n Jehovah-getuie eerder sal teruggaan om by hoër gesag antwoorde oor die organisasie se standpunt te kry, as om denkend met die Bybel om te gaan en self te probeer antwoord. Volgens Dencher (1963:127-128), self 'n oudlid, was hy niks anders as die tong (spreekbuis) van sy base nie. Wanneer 'n groepie getuies op 'n moeilike vraag stuit, sal onmiddellik gevra word wat die Wagtoring-publikasies hieroor sê. As hulle nie 'n antwoord kan vind in die publikasies nie, sal hulle steeds nie probeer om self te antwoord nie, maar eerder na hulle hoofkwartier skryf vir 'n antwoord.

Dit is dus duidelik dat die Wagtoring-organisasie nie die hermeneutiese reël dat die Bybel sy eie verklaarder is navolg nie (vgl. 1.4). Volgens die organisasie laat die Bybel op sigself 'n mens in die duister (*Wagtoring*, 15/09/1910:298).

3.11.3.3 Die interpretasie van die organisasie

Omdat hulle daarop aanspraak maak dat hulle interpretasie van die Bybel Goddelike sanksionering het, hoef die Jehovah-getuies se leiers geen vaste reëls vir die interpretasie van Skrifgedeeltes te volg nie. Dat dit dan ook die geval is, blyk duidelik uit die res van die studie (vgl. hfste. 5 tot 7). Hier word net enkele voorbeelde uitgelig.

In die eerste plek word die hermeneutiese beginsel van die deursigtigheid van die Skrif (vgl. Coetzee, 1990:27-32) sowel aanvaar as verwerp deur die Jehovah-getuies. In al hulle geskrifte vind 'n mens dat hulle hulle herhaaldelik op die deursigtigheid van die Woord beroep. Hulle geskrif *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* (WTBTS, 1989:29) verwerp byvoorbeeld die Drie-eenheidsleer omdat dit strydig sou wees "met wat God in sy eie geïnspireerde Woord van homself sê".

Tog word terselfdertyd gesê dat die Bybel 'n duistere boek is (vgl. 3.11.3.2). Volgens *Die Wagtoring* van 15/09/1911 (p. 365) is daar in al die eeue vanaf die ontstaan van die Nuwe Testament tot met die koms van Russell aan die einde van die negentiende eeu nooit tot 'n duidelike verstaan van die Bybel gekom nie. "We account for this by supposing that the Lord's due time for opening His Word to our understanding has only now come." Die lede van die organisasie word dan gewaarsku daarteen om self die Bybel te probeer bestudeer, aangesien 'n korrekte interpretasie daarvan slegs deur die "menslike instrumente" wat die Here verskaf (die Wagtoring-organisasie) moontlik is.

Daar is geen konsekwentheid in die Wagtoring-organisasie se verklaring van die Bybel nie. Die getal 144 000 in Openbaring 7 en 14 word byvoorbeeld letterlik opgeneem, maar die indeling van die 144 000 in twaalf maal 12 000 (uit die twaalf stamme van Israel; Op. 7:4-8), asook die beskrywing waaraan hulle voldoen (Op. 14:4), word net as simbolies beskou (vgl. 7.7).

Die Jehovah-getuies se Skrif-met-Skrif-vergelyking (vgl. 1.4) laat veel te wense oor. Dit word op 'n onwetenskaplike manier gedoen in diens van hulle leerstellings. Sonder dat daar enige motivering hiervoor in die Skrif bestaan, verbind die Jehovah-getuies byvoorbeeld die *klein kuddetjie* waarvan die Here in Lukas 12:32 praat met die 144 000 (Op. 7 & 14), en die *ander skape* waarvan die Here in Johannes 10:16 praat met die *groot menigte* genoem in Openbaring 7:9-17. Boonop word aan al hierdie begrippe inhoude verskaf wat strydig met die bedoeling van die Bybel is (vgl. 7.7).³¹

In hulle Skrif-met-Skrif-vergelyking hou die Jehovah-getuies ook dikwels nie rekening met die konteks waarin iets geskrywe staan nie (vgl. 1.4). So doen hulle byvoorbeeld 'n beroep op gedeeltes in die Psalms en Prediker om te bewys dat die gees of siel van die mens nie voortleef na sy dood nie, sonder om die literatuursoort en konteks in ag te neem (vgl. 7.6.3).

Uit die behandeling van die Jehovah-getuies se beskouings in die volgende hoofstukke, blyk telkens die organisasie se inkonsekwente wyse van Skrifinterpretasie. Daar word ook uitgewys hoe hulle die tipies kultariese eienskap om die Bybel te wil "vereenvoudig" met hulle menslike logika (vgl. 2.11.3) telkens toepas by gedeeltes uit die Skrif wat hulle nie aanstaan nie (vgl. bv. 6.3.2).

3.11.4 *BUIITE-BYBELSE AANHALINGS*

Die meeste kulteiers het weinig of geen teologiese opleiding gehad nie. Hulle probeer dan vir hierdie gebrek aan wetenskaplikheid vergoed deur erkende wetenskaplikes aan te haal wat klink asof hulle ten minste ten opsigte van een of ander puntjie saamstem met die Skrifinterpretasie van die groep. Heel dikwels word hierdie mense heeltemal buite konteks en selfs verkeerd aangehaal (vgl. 2.11.4).

Die Jehovah-getuies beantwoord 100 persent aan hierdie beskrywing van 'n kulte. Hulle leiers het geen noemenswaardige opleiding gehad in die rigting waarin hulle hulleself as kenners uitgee nie (vgl. 4.3 tot 4.6). Daarom vind 'n mens ook in die publikasies van die organisasie talle verwysings na erkende wetenskaplikes, sogenaamd ter ondersteuning van wat die organisasie leer. Talle van hierdie aanhalings en bewerings is egter buite konteks gedoen en selfs doodgewoon onwaar (vgl. 6.3 & 7.11.4).

3.11.5 *GEVOLGTREKKING*

Met hulle aanspraak op alleenbeheer oor die Skrif en die interpretasie daarvan, toon die Jehovah-getuies weereens 'n tipiese eienskap van 'n kulte (vgl. 2.11.5). Vir hulle is die Bybel nie die finale arbiter in enige geskil nie, maar lê die hoogste gesag in die hande van die bestuursliggaam van die organisasie. Wat hulle sê en interpreteer, word aangebied as Woord van God. Aanhalings uit die Bybel (en wetenskaplikes) dien net as kamoeflering van hulle eiewillige godsdiens.

3.12 BEHEER OOR LEERSTELLINGS

3.12.1 *INLEIDEND*

'n Tipiese eienskap van kultes is die onaantasbaarheid van hulle leerstellings. Alle leerstellings moet kritiekloos aanvaar word. Die enigste persone wat die gesag het om leerstellings te verander, is die kulte-leier(s) self. Sulke veranderings moet die lede nie as weersprekings beskou nie, maar as nuwe godgegewe openbaringe (vgl. 2.12). In hierdie onderafdeling word die Jehovah-getuies aan hierdie kulte-eienskap gemeet.

3.12.2 *ONAANTASBARE LEERSTELLINGS?*

Kultes leer gewoonlik nie dat die mens God is nie, maar wel dat die idees van die leiers van God kom (vgl. 2.12.2). Dat dit ook die geval is by die Jehovah-getuies, is herhaaldelik reeds gesien (vgl. 3.9 & 3.11). Daarom word die lede van hierdie organisasie gewaarsku om nooit krities te kyk na iets wat die organisasie leer nie (vgl. 3.2.2 & 3.7.2). Die talle wysigings wat in die leerstellings voorkom, moet as "nuwe lig" van God beskou en klakkeloos aanvaar word (vgl. 3.6.2 & 3.9.3.4).

3.12.3 *WETENSKAPLIKE LEERSTELLINGS?*

Kultes maak daarop aanspraak dat hulle leerstellings absoluut logies is en met wetenskaplike presiesheid uitgewerk is. Terselfdertyd verbied hulle egter hulle lede om hulle leerstellings op wetenskaplike wyse te ondersoek (vgl. 2.12.3).

Die Jehovah-getuies voldoen ook aan hierdie eienskap van kultes. Een van die motiverings wat hulle gee vir hulle verwerping van die Drie-eenheidsleer, is dat dit nie logies is nie (vgl. 6.3.2). Hulle verwerping van die Christelike siening van die hel berus ook daarop dat dit vir hulle menslike logika onmoontlik is om te aanvaar dat 'n God van liefde mense vir ewig sal pynig (vgl. 7.8.2.1). As dit wat God openbaar in stryd is met hulle menslike logika, word nie by die openbaring van God berus nie, maar word daaraan verander om dit in te pas by hulle logika. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is hulle beperkte siening van God (vgl. 6.2).

Die Jehovah-getuies maak in hulle publikasies dikwels van buite-Bybelse aanhalings gebruik waardeur hulle die idee van wetenskaplikheid by hulle lede en andere wil skep (vgl. 3.11.4). Terselfdertyd word hulle lede egter verbied om self wetenskaplike navorsing oor die sake te doen. Hulle mag net "navors" wat die organisasie oor 'n sekere saak sê (vgl. 3.2.4.4 & 3.5.2).

3.12.4 CHRISTELIKE LEERSTELLINGS?

Die meeste Westerse godsdienstige kultes gee voor om Christelik te wees, terwyl hulle inderwaarheid met die basiese leerstellings van die Christendom verskil (vgl. 2.12.4).

Die Jehovah-getuies beskryf hulleself as die enigste ware Christene (WTBTS, 1985a:396, 438), terwyl hulle self erken dat hulle 'n basiese Christelike leerstelling soos die Drie-eenheidsleer afwys (WTBTS, 1989:3, 31). Ook ander basiese Christelike leerstellings (vgl. hfste. 6 & 7) word deur hulle verwerp.

3.12.5 GEVOLGTREKKING

Dit is baie duidelik dat die Jehovah-getuies ook hierdie eienskap van 'n kulte vertoon, naamlik dat hulle hulle leer wat duidelik van die Christendom s'n verskil, aanwend as "bewys" dat hulle die enigste groep is wat "die waarheid" het. Verder is hulle beheer oor hulle leerstellings so effektief dat hulle dit kan verander soos wat hulle wil en dan aanspraak maak daarop dat dit deel van God se voortgaande openbaring is en dat lede dit absoluut moet glo en gehoorsaam (vgl. 2.12.5).

3.13 BEHEER OOR LIDMAATSKAP

3.13.1 INLEIDEND

By die kultes vind 'n mens 'n ooraksentuering van die belangrikheid van lidmaatskap. Sonder lidmaatskap van die groep is 'n mens verlore (vgl. 2.10.2). Daar is reeds gesien dat die Jehovah-getuies ook hierdie eienskap van kultes vertoon (vgl. 3.10.2). Op die ander aspekte betreffende lidmaatskap wat in 2.13 behandel is, word vervolgens hier ingegaan.

3.13.2 WERWING

Die moeite wat met die werwing van nuwe lede gedoen word, is tipies kultaries. Dit is ook tipies dat kultes hulle in die begin voordoen as "baie dieselfde" as die res van die Christendom. Soos die persoon dan ingetrek word, word die verskille met die Christendom geleidelik al duideliker uitgespel. Verder is dit ook so dat mense tydens 'n emosionele laagtepunt of oorgangstyd in hulle lewe gewerf word deur die lede wat baie goed opgelei word in oorredingskommunikasie (vgl. 2.13.2).

Weereens is die Jehovah-getuies 'n sprekende voorbeeld van hierdie kultariese werkwyse. 'n Mens vind by die organisasie 'n oormatige klem op ledewerwing, selfs ten koste van belangrike sake soos pastorale werk (vgl. Penton, 1988:102, 126) en 'n huislike lewe (vgl. 3.7.3 & 5.4.8). Hoe aktief 'n lid met ledewerwing is, het selfs 'n invloed daarop of hy die ewige lewe sal beërwe of nie (vgl. 3.10.3).

Die Jehovah-getuies is ook meesters daarin om wanneer hulle werwing doen, hulleself as "baie dieselfde" as die res van die Christendom voor te stel. Die boek wat hulle dikwels in die begin van 'n "studie" met 'n persoon gebruik, *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982), begin met dinge wat vir Christene aanvaarbaar klink, gaan geleidelik daartoe oor om die andersoortige leerstellings van die organisasie te verkondig, en kom eers op die laaste bladsy van die boek (WTBTS, 1982:255) met die eis: "Jy moet deel van Jehovah se organisasie wees en God se wil doen om die ewige lewe te ontvang."

Jehovah-getuies word in hulle "Teokratiese Bedieningskool" opgelei om doeltreffende werwing te doen (vgl. 4.5.2). Hulle doen ook heelwat werwing onder mense wat 'n emosionele laagtepunt of oorgangstyd beleef (vgl. Penton, 1988:261 & Reed, 1990b:120).

3.13.3 GROEPBEHOUD

Ter wille van groepbehoud word kulteledede opdrag gegee om so min as moontlik kontak te hê met familie en vriende buite die groep wat nie belangstel om lede te word nie. Verder vereis die klem op groepbehoud dat onmiddellik opgetree word teen lede wat afwyk van dit wat die kulte van hulle verwag (vgl. 2.13.3).

Dat hierdie werkwyse van kultes ook die Jehovah-getuies kenmerk, is in die lig van alles wat reeds gesê is nie 'n verrassing nie. Ter wille van groepbehoud wil die organisasie die omgewing van hulle lede beheer (vgl. 3.5.3). Kontak met familie en ander persone buite die groep moet tot die minimum beperk word, want hulle is "slegte geselskap" (WTBTS, 1983a:22). Ouers moet verhoed dat hulle kinders in hulle vrye tyd met kinders wat nie Jehovah-getuies is nie assosieer (*Wagtoring*, 01/02/1974:93). Niemand mag vriende buite die organisasie hê nie (*Wagtoring*, 15/02/1960:112). Teen diegene wat oortree, word hard opgetree (Penton, 1988:125).

3.13.4 GEEN VRYHEID OM TE BEDANK NIE

Tipies van die beheer wat kultes oor hulle lede uitoefen, is dat lede nie toegelaat word om te bedank nie. Lede wat bedank, tree onwettig op en word om die rede deur die kultes geskors. Lede mag niks met geskorste lede te doen hê nie. Indien hulle hierdie reël sou oortree, loop hulle self die gevaar om geskors te word (vgl. 2.13.4).

Die Jehovah-getuies is ook in hierdie opsig geen uitsondering nie. Lede wat bedank, tree volgens die organisasie onwettig op en word gevolglik geskors (Jeremiah Films, 198-). Lede wat met geskorste lede kontak het, word ook geskors (Ostling, 1982:96-97).

Daar is reeds daarop gewys dat deel van die omgewingsbeheer wat deur die Jehovah-getuies toegepas word, behels dat lede geen kontak met oudlede mag hê nie (vgl. 3.5.3). Hulle moet oudlede sover as moontlik vermy en mag hulle nie eers groet nie (*Wagtoring*, 15/09/1981:17-29). Minderjarige kinders wie se ouers uit die organisasie bedank of geskors word, mag net tot hulle mondig is in die sorg van hulle ouers bly, waarna hulle alle bande met hulle ouers moet breek (*Wagtoring*, 15/11/1952:703 & 01/08/1974:26-31). Hierdie harde maatreël veroorsaak dat mense maar eerder lede van die organisasie sal bly, as om die geestelike pyn van verwerping deur familie en vriende te ondergaan.

3.13.5 GEVOLGTREKKING

Ook die eienskap van kultes dat hulle hulle lede deur die klem op die belangrikheid van lidmaatskap beheer, word by die Jehovah-getuies gevind. Die lid se verhouding met die organisasie word vir hom selfs belangriker as sy verhouding met God, want sonder die organisasie (wat boonop as sy middelaar optree - vgl. 7.5.3) glo hy is hy verlore.

3.14 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Om 'n stewige houvas op hulle lede te verseker, vertoon die Jehovah-getuies al twaalf eienskappe van 'n kulte genoem in hoofstuk 2. Hierdie houvas word so goed toegepas dat Duggar (1985:2) hulle "the master cult" noem. Een van die bekendste bekeerde Jehovah-getuies, William Schnell, het nie verniet sy boek oor sy 30 jaar as Jehovah-getuie die titel *Thirty Years a Watch Tower Slave* (1957) gegee nie. Die woorde wat op die voorblad van die boek van Raymond Franz (1991) ('n voormalige lid van die bestuursliggaam van die Jehovah-getuies) staan saam met die titel *Crisis of Conscience*, is ook baie insiggewend: "The struggle between loyalty to God and loyalty to one's religion."

Uit alles wat in hierdie hoofstuk en die afdeling in sy geheel bespreek is, is dit duidelik dat die Jehovah-getuies met reg as 'n kulte beskryf kan word.³² In die volgende afdeling word gekyk of die geskiedenis van die organisasie hierdie gevolgtrekking onderskryf.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 3

1. Deur na "die Organisasie" te verwys, word die feit verdoesal dat die beheer oor die groep in werklikheid maar net in die hande van 'n paar lede is.
2. Die reaksie van die Jehovah-getuies wissel meestal van bewerings dat hulle swartgesmeer word tot openlike beskuldigings van leuens of dat die fotostate uit hulle eie literatuur wat as bewys aan hulle voorgelê word, vervals is. Baie Jehovah-getuies met wie die skrywer te doen gekry het wat die egtheid van die fotostate betwyfel het, het nie "belanggestel" daarin om dit in hulle eie biblioteek by hulle hoofkwartier (*Bethel*) na te gaan nie. 'n Man van Krugersdorp, wat reeds betrokke was by die Jehovah-getuies maar nog nie so diep nie, het nadat valse voorspellings van die organisasie aan hom uitgewys is, die fotostate geneem om dit wel te gaan vergelyk. Met 'n opvolgbesoek was hy baie aggressief en het gesê dat hy die fotostate wou gaan vergelyk het, maar dat die ouere manne (vgl. aantekening 7) hom oortuig het om dit nie te doen nie en vir hom verduidelik het dat dit net 'n metode was om hom weg te kry van "die waarheid" af. Hy was nie bereid om na enigiets verder te kyk nie.
3. Hy stel dit verder soos volg: "When on the defensive, JW's will often misunderstand or draw a blank on the simplest of arguments."
4. Die gebeurte is op oudioband opgeneem en beskikbaar by die skrywer.
5. H.C. Covington het as Jehovah-getuie-regseleerde saam met F.W. Franz (destyds die vise-president en later die president van die Wagtoring-organisasie) opgetree in 'n hofsak in Skotland in 1954, om die amptelike standpunt van die Jehovah-getuies weer te gee oor verskeie belangrike sake. Dit wat hier aangehaal word, kan nagegaan word op bladsye 347-348 van *Pursuers Proof of Douglas Walsh*

versus The Right Honorable James Lathan Clyde M.P., P.C., as Representing the Minister of Labor and National Service, November 1954, Cross-Examination of Hayden C. Covington (Society's lawyer).

6. Die Jehovah-getuies verwerp hierdie datum vandag as vals, hoewel dit vir baie jare hulle amptelike leerstelling was - vergelyk 5.4.4.
7. Die term *ouere manne* word deur die Jehovah-getuies gebruik waar ander groepe eerder van ouderlinge sou praat. Vroeër jare is die ouere manne deur die verskillende gemeentes verkies. Deesdae word hulle egter van bo af aangestel. So verseker die organisasie verder sy beheer oor sy lede (vgl. 4.4).
8. Dencer (1963:154) bevestig die waarheid hiervan. Hy wys daarop dat 'n Jehovah-getuie nie meer vir homself durf dink nie, en dat hy nie kan waag om as individu (los van die denke van die organisasie) te praat nie.
9. Hoewel dit jammer is dat daar soveel verskillende Christelike kerke is, is dit belangrik dat daar, selfs al is daar kleiner verskille, tog eenheid bestaan en moet bestaan ten opsigte van die basiese geloofsleer. Daar word later ook ingegaan op die Jehovah-getuies se leerstellige afwykings van die kernwaarhede van die Bybel en dus ook van die Christelike geloof, en nie net op sake wat op die periferie lê nie (vgl. hfste. 6 & 7).
10. Hierby kan opgemerk word dat die Jehovah-getuies hulle eie eenheid verbreek het (vgl. Schnell, 1957:100) deur hulleself te verdeel in twee groepe, naamlik die sogenaamde oorblyfsel van die 144 000 en die *groot menigte* van gewone Jehovah-getuies (Jonadabs) wat nie in die eerste groep se voorregte en aansprake mag deel nie (vgl. 7.5 & 7.7). Hierdie verdeling word gemaak in weerwil daarvan dat Paulus sê dat alle gelowiges in Christus gelyk is voor God (Gal. 3:27-28).
11. Penton (1988:116, 331) skryf dat dit onder andere gesê is deur die distrikopsiener van Kanada, Larry Gray, tydens 'n openbare rede gelewer op 01/12/1979 te Lethbridge, Alberta.
12. Die gewig wat die leiers van die Wagtoring-organisasie daaraan gee dat lede nuwe lede moet werf (selfs ten koste van die gesinslewe van die lede), kom duidelik uit in Josy Doyon (1967:135) se beskrywing van die ouere man se reaksie by die geboorte van haar eerste kind: "Nog terwyl ik in het kraambed lag, kwam de kringdienaar met zijn vrouw op bezoek. 'Ik hoop dat je je straks weer precies zo voor de dienst kunt inzetten als voorheen,' zei hij ernstig. 'Ik ken een zuster, die al een aantal kinderen heeft en toch blijft ze steeds vol ijver bezig. Toen ze haar laatste kind kreeg, kon je dat aan haar verkondigerskaart beslist niet merken. Dat is nog eens een juiste waardering voor de waarheid!'"
13. Tog verhoed dit nie dat daar jaloesie en klieks onder Jehovah-getuies ontstaan nie (Schnell, 1957:155-157, 162-163).
14. Dit sluit aan by *Die Wagtoring* van 01/02/1952 (p. 80) wat sê dat Jehovah-getuies self ook niks mag opper wat in stryd is met wat die organisasie leer nie, maar soos 'n goeie kind gedwee by die leerstellings van hulle geestelike moeder moet inval.
15. Een van die metodes wat met vrug gebruik is, was om op Sondae met plakkaat rond te loop (Schnell, 1957:160-167). Op die plakkaat het tot ergernis van die kerkgangers gestaan: "Religion is a snare and a racket." In die dokumentêre film *Witnesses of Jehovah* (Jeremiah Films, 198-) kan gesien word hoe Jehovah-getuies met hierdie plakkaat voor 'n kerk betoog.
16. Die volgende brief van 'n Jehovah-getuie aan Reed waaruit die haat drup, verskyn in *Comments from the Friends* (Reed, 1990d:9): "DEAR SATAN: Jehovah God will deal with you at Armageddon. Remove my name from your filthy Satan-guided organization. I can back my belief up by Jehovah's Word the Bible. All you have is Satan's hate, rebellion and independent thinking and misinterpretation."
17. Een so 'n geval word bespreek in die film *Witnesses of Jehovah* (Jeremiah Films, 198-).
18. Die gegewens kan met die gesin gekontroleer word. Die skrywer beskik ook oor 'n bandopname wat later gemaak is, waar weer oor die gebeure gepraat word.

19. Die werk waarby hulle aansluit is STROUP, H.H. 1945. *The Jehovah's Witnesses*. New York : Columbia U.
20. Briewe hieroor kom gereeld in uitgawes van *Comments from the Friends en Free Minds Journal* voor. Hartseer verhare word ook in die film *Witnesses of Jehovah* (Jeremiah Films, 198-) vertel.
21. Die skrywer is self 'n paar jaar gelede gebel deur 'n senior lid van die plaaslike Jehovah-getuies en verbied om meer na hulle hoofkwartier hier in Suid-Afrika te gaan (Bethel). Hy was op daardie stadium besig met 'n Bybelstudie met twee van die ouere manne daar.
22. 'n Jehovah-getuie in Sandton wat besig was om die organisasie te verlaat, het in 1990 in 'n gesprek aan die skrywer vertel hoe verskriklik opgewonde haar ouers (beide Jehovah-getuies) was oor een of ander "nuwe lig" wat die organisasie toe pas weer "van God" ontvang het.
23. Volgens Schnell (1957:44) is eers geleer dat die Mordegai-Naomi-klas die oorblywende gedeelte van die 144 000 hier op aarde vorm. Toe baie van die lede van hierdie klas nie wou inval by die strenger beheermaatreëls van Rutherford nie, het die organisasie hulle laat vervang met 'n jonger klas wat die Rut-Ester-klas genoem is.
24. *Die Wagtoring* van 15/06/1951 (p. 375) stel dit as voorvereiste vir 'n Christen om die Bybel te verstaan, dat "Jehovah se teokratiese organisasie" dit vir hom duidelik maak.
25. Die skrywer kon hierdie boek ongelukkig nie self in die hande kry nie, klaarblyklik omdat slegs die ouere manne en nie gewone Jehovah-getuies nie hieroor mag beskik.
26. In die verlede het die Wagtoring-organisasie jongmense ten sterkste afgeraai om na skool verder te studeer. Die tyd moes eerder gebruik word vir verkondigingswerk (*Wagtoring*, 01/02/1967:75-76; *Ontwaak!*, 08/05/1989:13), omdat die einde naby sou wees (*Wagtoring*, 15/03/1969:171) en op die nuwe aarde nie mense met hoëronderwyskwalifikasies nodig sou wees nie, maar mense wat met hulle hande kan werk (*Ontwaak!*, 08/06/1967:8). *Die Wagtoring* van 01/11/1992 (pp. 16-20) breek egter radikaal met die Wagtoring-organisasie se siening van vroeër, deur jongmense selfs aan te moedig om verder te studeer en terselfdertyd verkondigers van die organisasie te wees. Daar word selfs gesê dat sulke persone beter verkondigers is as ander (vgl. ook Hulbert, 1993:2-5).
27. 'n Jehovah-getuie van Johannesburg met wie 'n gesprek gevoer is in 1989, het vertel hoe heerlik dit vir hom is om 'n Jehovah-getuie te wees. Toe hy uiteindelik besef het dat hy lid was van 'n groep met 'n valse leer, het hy erken dat dit eintlik vir hom 'n nagmerrie was om aand vir aand en naweek vir naweek uit die huis te gaan om dit te doen wat die Wagtoring-organisasie van hom verwag het. Die gegewens kan met die persoon gekontroleer word. Die skrywer beskik ook oor 'n bandopname wat later met die gesin gemaak is waar weer oor die gebeure gepraat is.
28. Die gedeelte staan klaarblyklik op bladsy 44 van Paul Johnson se boek *A History of Christianity*.
29. Die ysere beheer wat die leiers van die organisasie oor die lede uitoefen, word verdoel deurdat hulle bloot na hulleself verwys as die mondstuk van die "getroue en verstandige slaaf"-klas hier op aarde (omtrent 9000 persone). Hierdie persone se mening speel egter geen rol in die bestuursliggaam se besluite nie. Die "Bybelstudieboek" van die Jehovah-getuies, *Jy kan vir ewig in die Parady op aarde lewe* (WTBTS, 1982:193-195) sê dat Christus met Sy terugkeer in 1914 'n "getroue en verstandige dienskneg"-klas, "die oorblyfsel van sy 144 000 broeders op aarde" gevind het, "wat geestelike voedsel of informasie uitgee". Daar word dan verduidelik dat daar by die hoofkwartier van die Wagtoring-organisasie in Brooklyn 'n bestuursliggaam van ouere manne is wat "as woordvoerder vir daardie getroue dienskneg" dien.

-
30. Dit is in lyn met *Die Wagtoring* van 15/07/1960 (p. 435) wat verklaar dat die skape van God sedert 1879 gevoed is deur *Die Wagtoring*.
31. Vergelyk 3.6 vir voorbeelde van ongegronde inhoude wat die organisasie aan Bybelterme gee om hulle leerstellings te pas.
32. Hoe kennelik kom verskillende kultariese eienskappe van die Jehovah-getuies nie uit in die volgende gedig wat Michelle Leeds (1989:4) geskryf het terwyl sy nog lid van die organisasie was nie:

*I sit in silent protest to
some words they claim to speak
"from God" they say directs them;
and to doubt would make me weak.*

*Yet how do I consider
the word they hold so dear?
when in the hearts of others
I know God's word is near.*

*Apostasy, A word so ugly,
in the Scriptures who, is
to love Jehovah and Christ Jesus
and from their bosom go.*

*They say God loves all his children
and the Bible shows this clear
Yet to only those in the organization
will God's love be kept ever near.*

*So I sit in silent protest to
some words they claim to speak
from God they say directs them
and to doubt would make me weak.*

*I feel so downtrodden
and my heart it longs to weep
when I see friends and family mem-
bers cast aside as in a heap.*

*It's true a fornicator, or a liar or a
thief are ones to cast asunder
if their actions do not cease.*

*but even such a one above
is something "preferred" to be;
if the sin that lies therein is what's
called Apostasy.*

*Some say "wait on Jehovah" if a teach-
ing is not true
and as the light grows brighter that
truth will be aired anew.*

*So I sit in silent protest,
to some words they claim to speak
and I pray for God's day to come
soon so no man may ever be weak.*